2025

Ons Storie

Hoër Volkskool

Koördineerder
Katinka Louw

Redigeerders
Marichen Nel, Suliza van Wyk

Bladuitleg en Grafiese Ontwerp
Julia Siebrits, Katinka Louw

Foto-erkenning
Mia van Eeden, Gideon van der Mescht



Voorwoorde

3 Boodskap van die Skoolhoof
4 Boodskap van die Beheerliggaam
5 Boodskap van Huis Cronjé
6 Erkenning aan mnr. Theo Dörfling
7 Boodskap van Ondersteunersklub en OOV

Hoogtepunte

8 Oorsig: 2025
19 Personeel
31 Matriekgroep
35 Matriekafskeid
43 Landbou
45 Samara
49 Atletiek
55 Hokkie
57 Krieket
62 Netbal
68 Rugby
71 Swem
76 Tennis
80 Interskole: Maroen Mag
85 ATKV
89 Drama
92 Landsdiens
94 Redenaars
98 VCSV
102 Mnr. en Mej. Volkskool

Die Skool

14 Personeelspan
16 Ondersteuningspersoneel
17 Nasionale Vraestelmerkers
18 Ontmoet ons nuwe Kollegas & Ons groet ons Kollegas
20 Leerlingraad
21 Huiskomitee van Huis Cronjé

Klasfoto's

22 Graad 8's
23 Graad 9's
24 Graad 10's
25 Graad 11's
26 Matriekgroep
27 Matrieks Toekomsplanne

Akademie

36 Topprestreeders
37 Verbruikersstudie
38 Digitale Tegnologie & Interaktiewe Witborde
39 AdMaths & AdAccounting
40 WOW-spelfees & Olimpiade
41 IGO- & Rekeningkunde-uitstappie
42 Landbou
44 Top-10 kuier by Samara

Sport

46 Atletiek
48 Tweekamp & Landloop
50 Boogskiet
51 Hokkie
56 Krieket
58 Netbal
63 MMA
64 Rugby
69 Skaak
70 Swem
72 Tennis
77 Provinsiale

Kultuur

84 ATKV
86 Bloedskenk
87 Debat
88 Drama
90 Klankspan
81 Landsdiens
93 Redenaars
95 Vasvrae
96 VCSV
99 Noodhulp

Verenigings

107 Oudskoliere
100 Snoepie

Geleenthede

33 Laaste dag van die Matrieks
34 Matriekafskeid
47 Theo Dörfling
52 Hokkie Besigheidsliga
73 Trudé Muller
80 Interskole
101 Mnr. en Mej. Volkskool
104 Afrikaans word 100

Nalatingskap

103 Hekkie-tradisie

Prysuitdeling

106 Akademie-, Leierskap-, Kultuur- en Sport-erekleure
107 Topprestasies en Skoolhoof Prestige-Toekenning



’N JAAR OM OP TROTS TE WEES



Vanjaar het ons leerders op vele terreine opgestaan en hulself laat geld. In die klaskamer, op die sportveld, by kultuurgeleenthede en in die kollig op die verhoog. Hierdie jaar se jaarblad is ‘n aangrypende getuienis van Hoër Volkskool se triomfte, deursettingsvemoë en gemeenskapsgees. Elke bladsy vertel ‘n verhaal van sukses en toewyding

Dankie aan elke Volkskoolleerder wat, ondanks ekstra klasse, sportoefeninge, huiswerk en ander verpligtinge, jou tyd in die skool belê het.

> “SAAM WERK ONS DAARAAN OM VOLKSKOOL VERDER OP TE BOU.”

In die jaarblad verskyn daar in elke groepfoto ook ‘n personeellid of afrigter. Iemand wat dit sy roeping en doelwit gemaak het om ‘n verskil in kinders se lewens te maak. Of dit nou in die klas, op verhoë of op die sportveld was, dankie vir elkeen se bydrae.

As personeel is ons trots, maar ook dankbaar teenoor elke ouer of vriend van die skool vir getroue en lojale ondersteuning. Dankie aan elkeen van u wat met u gesindheid ons hande versterk en ons taak vergemaklik het. Dankie ook veral aan ons Beheerliggaam, OOV en Oudskoliere vir julle volgehoue steun, raad en tyd. U insette en kundigheid is onmisbaar vir gehalte-onderwys, finansiële bestuur en die vooruitgang van die skool.

Hierdie jaarblad is nie net ‘n rekord van al ons suksesse nie, maar ook ‘n viering van ons Volkskooltradisie en gemeenskap. Mag hierdie uitgawe u met trots vul.

Henriëtte Malan
Skoolhoof

WAAR TOEWYDING EN TROTS HANDE VAT

04

SKOOL SE BEHEERLIGGAAM

Die Beheerliggaam van 2025 het die jaar afgeskop met nuwe visie en idees.

Mnr. Daan Potgieter (voorsitter van AON) het die Beheerliggaam aan die einde van 2024 uitgedaag om spesifieke doelwitte vir Hoër Volkskool te stel. Elke lid het sy/haar portefeulje se doelwitte en uitdagings geïdentifiseer en dit is deur die loop van die jaar aangespreek.

Twee nuwe lede, Mnr. Abie Nel (finansies) en mev. Laine-Miri Coetzee (Bemarking) het ook vanjaar by ons aangesluit. Beide van hulle is 'n aanwins tot die Beheerliggaam en 'n kenner op hulle gebied. Hulle deel ook die passie en toegewydheid van die huidige lede.

Die Afrikaans Onderwys Unie (AON) het verder met die Beheerliggaam hande gevat en twee klaskamers opgeknap. Vloere en kaste is vervang en pragtige muurpapier is aangebring. Hierdie klaskamers skep 'n leer-vriendelike omgewing. Daar word gepoog om verdere borge te kry om die res van die skool se klaskamers ook te verbeter.

Die top-10 kandidate van elke graad is vanjaar beloon met 'n uitstappie na Samara Wildreservaat. Met hierdie inisiatief poog die Beheerliggaam om leerders te motiveer om akademies te presteer.

"ONS BEDANK ELKE OUER EN LEERDER VAN HOËR VOLKSKOOL VIR HUL POSITIEWE INGESTELDHEID EN SAMEWERKING DEUR DIE JAAR. AS ONS SAAM STAAN, SAL ONS VERSEKER DAT HOËR VOLKSKOOL VOOR UIT STREEF!"

Marichen Nel
Sekretaresse en Kultuur



05

HUIS CRONJÉ: WAAR KARAKTER EN KAMERAADSKAP SAAM GROEI

HUIS CRONJÉ SE KOSHUISKOMITEE

Huis Cronjé bly 'n spilpunt van gemeenskap, dissipline en kameraderie vir leerders.
Die koshuis bied 'n veilige en huislike omgewing vir kinders van omliggende dorpe en plase.

Die koshuis het hierdie jaar vir 75 leerders 'n tweede huis geword – 39 dogters en 36 seuns wat saam 'n hegte familie gevorm het. Soos altyd, was die doel eenvoudig, maar betekenisvol: om 'n tuiste te bied waar dissipline en warmte hand aan hand gaan.

Onder leiding van mnr. Jaco van Schalkwyk (superintendent) en mev. Annemarie Bruyn (hoofmatrone) word die koshuis professioneel bestuur.

> **"DIE FOKUS IS NIE NET OP ORDE NIE, MAAR OOK OP DIE DAAGLIKSE VORMING VAN LEWENSVAARDIGHEDE EN KARAKTER."**

Koshuisleerders het hul merk gelaat op sportvelde en kultuurverhoog – hul deelname en gees het die trots van Volkskool duidelik weerspieël.

Die Springbokjagkompetisie is jaarliks 'n groot fondsinsamelingsgeleentheid vir Huis Cronjé. Jagters van reg oor die land woon die geleentheid by.

Die Gr.10-komitee het ook 'n Vroue-tee in die koshuis se eetsaal aangebied te viering van Vrouedag.

Met die oog op voortdurende verbetering het die koshuis hierdie jaar 'n vars aansig gekry. Die kamers is opgeknap, met deure en kaste wat herstel en geverf is. Die kombuis het 'n nuwe oond gekry wat nie net krag help bespaar nie, maar ook verseker dat die kinders steeds van heerlike etes kan geniet.

By Volkskool se koshuis gaan dit oor meer as kos en klere – dit gaan oor omgee, groei en saam wees. Hier leer leerders wat dit beteken om deel te wees van iets groter, iets wat hulle altyd as huis sal onthou.

Hendrik Wolfaardt
Koshuiskomitee-voorsitter







’N NALATINGSKAP VAN GELOOF, FAMILIE EN TOEWYDING

06

Toe mnr. Theo Dörfling in 2002 as departementshoof by Hoër Landbouskool Marlow begin, was dit die begin van ’n besondere onderwysreis. Sy liefde vir jongmense, die natuur en die landbou het van die eerste dag af duidelik deurgeskemer.

Vanaf 2011 tot 2013 het hy as waarnemende skoolhoof by Hoër Volkskool opgetree – ’n tyd waarin sy entoesiasme en toewyding nuwe lewe in die Landbouwetenskapklaskamer gebring het. Met sy praktiese benadering en passie vir die vak het hy leerders laat ontdek hoe die natuur en boerdery hand aan hand loop.

Mnr. Dörfling se invloed het nie by die klaskamer geëindig nie. Hy en sy vrou, mev. Milona Dörfling, het met hul kreatiwiteit en energie die jaarlikse verskeidenheidskonsert tot ’n hoogtepunt in die skoolkalender gemaak. Onder hul leiding het leerders selfvertroue gekry om hul talente te wys – of dit nou op die verhoog of by ’n plaaslike Eisteddfod was. Atletiek was nog ’n groot deel van sy wêreld.



Van Links af: Mnr. Theo Dörfling en Annelie Viljoen tydens ‘n atletiekbyeenkoms in Gqeberha



Sy kennis en betrokkenheid het Volkskool se atletiek tot nuwe hoogtes geneem, en selfs ná skoolure het hy self as meestersatleet gewys dat sport ’n lewenslange passie kan wees. Hy was ook ’n bekende gesig by die noodhulp-span, waar hy leerders aangemoedig het om vaardighede aan te leer wat regtig ’n verskil maak.

> **“OP DIE SPORTVELD – OF DIT NOU MET RUGBY OF TENNIS WAS, HET HY GEGLO DAT SPORT KARAKTER BOU.”**

Vir hom was die onderwys vol uitdagings, maar altyd oorvloedig belonend. Hy het geglo dat, selfs in ’n veranderende wêreld, sekere waardes altyd bly: respek, geloof en familie.

In Julie 2019 is hy as hoof van Hoër Volkskool aangestel. Met sy rustige leierskap en sterk waardes het hy die skool deur een van sy grootste uitdagings – die Covid-19-pandemie – gelei. Onder sy leiding het Volkskool gefokus gebly op wat werklik saak maak: om kinders te vorm vir die lewe.

Na ’n merkwaardige loopbaan het hy in Maart 2023 afgetree. Vandag groet ons hom met groot dankbaarheid vir sy jare van diens, sy onwrikbare toewyding en sy geloof in die volgende geslag.

Ons wens vir hom en mev. Dörfling alles van die beste toe in hul nuwe tuiste in die Kaap – met die wete dat hulle altyd deel van die Volkskool-familie sal bly.

Suliza van Wyk

ONS GEMEENSKAP IN AKSIE

07

Die Ondersteunersklub en OOV was dié jaar besonder bedrywig. Met die nuwe wetgewing wat in werking getree het, moes daar kreatief gedink word oor maniere om steeds fondse in te samel—en dít is met trots reggekry.

> **“BAIE DANKIE AAN ONS BORGE VIR HUL VRYGEWIGHEID EN VOLGEHOUE ONDERSTEUNING. SONDER JULLE BYDRAES SOU DIE ONDERSTEUNERSKLUB EENVOUDIG NIE SY VERANTWOORDELIKHEDE KON NAKOM NIE.”**



Danksy borge, funksies, snoepie-verkope en opbrengste van sportdae kon Volksie in 2025 die volgende vermag:

- Sportbegroting: ’n Groot deel van die bydraes is gebruik om die skool se sportbegroting te dra—insluitend toerusting en afrigting.
- Verbeterde fasiliteite: Tien splinternuwe pawiljoene is opgerig om ons sportgronde te versterk.
- Geleenthede: Nuwe breekware is aangekoop vir gebruik by skoolfunksies.
- Nuwe projek: ’n Vars pette-inisiatief is van stapel gestuur as verdere fondsinsameling.

’n Groot dankie aan elke ouer wat ingespring het met verkope en funksies.

’n Spesiale woord van dank aan Laine-Miri Coetzee, Marietjie Steenkamp en Tilana Groenewald vir hul puik organisering en toegewyde werk deur die jaar.

Neil Schreuder













Hoogtepunte















ounte





















Hoogtepunte





















ounte




















troogtep


















14 PERSONEELSPAN



Eerste ry: Me. Z. Blom (Sekretaresse), mnr. R. Stroebel, me. E. Coetzee, mnr. N. Schreuder, me. H. Malan, me. S. van Wyk, mnr. B. Cronje, me. I Nel, me. P. van der Mescht (Finansies)

Tweede ry: Me. H. Prinsloo, mnr. R. Meiring, mnr. T. van Zyl, me. C. Pienaar, me. S. Vorster, me. J. Siebrits, mnr. L. Prinlsoo, me. S. Geldenhuys,

Derde ry: Mnr. P. Kleynhans, me. C. Coetzee, mnr. R. Torlage



Bestuursgroep:
Van links af: Me. H. Malan (Skoolhoof),
Mnr. N. Schreuder (Departementshoof),
Me. S. van Wyk (Gr. 12 Graadhoof)



16

ONDERSTEUNINGSPERSONEEL



Skool Algemene Werkers
Eerste ry: A. Katshu, L. Bezuidenhout, D. Goliath, S. Pietersen
Tweede ry: P. van der Merwe, C. Maquena, E. Jantjies



Huis Cronjé Personeel
Eerste ry: A. Breda, A. Bruyn, D. Kitchu, V. Joubert.
Tweede ry: K. Swartz, J. van Schalkwyk, V. Isaacs, C. Browers

NASIONALE VRAESTELMERKERS

17



Mnr. Neil Schreuder
Aangestel as moderator vir
Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)



Me. Ilse Nel
Adjunkhoofmerker vir Rekeningkunde



Me. Estene Coetzee
Senior merker vir Wiskundige Geletterdheid



Me. Suliza van Wyk
Senior merker vir Engels Eerste Addisionele Taal



Mnr. Tiaan van Zyl
Merker vir Besigheidstudies



Me. Chanté Coetzee
Merker vir Afrikaans Huistaal

ONTMOET ONS
NUWE KOLLEGAS



Me. Cecilia Pienaar
Wiskunde



Me. Julia Siebrits
Landbouwetenskap



Me. Katinka Louw
Bemarker



Mnr. Rudolph Torlage
Fisiese Wetenskap,
Wiskunde



ONS GROET
ONS KOLLEGAS



Me. Gene Erasmus



Mnr. Lourens Prinsloo



Mnr. Pieter Pienaar






OUD SUPPORTER OF TH ON SCHOOL




Volkskool


AV


VV
AV


LEERLINGRAAD



Eerste ry: J. Coetzer, V. Meyer, C. de Wet (Onderhoofseun), me. S. van Wyk, me. S. Viljoen (Hoofdogter), R. Kleyn (Hoofseun), mnr. T. van Zyl, A.M. Hayes (Onderhoofdogter), D. Alberts, M. Enslin
Tweede ry: U. Groenewald, S. van Eeden, C. Nel, K.L Kruger, L. Meshilinie, K. Keyser, W. Lötter, L. Bouwer, L. Wolfaardt, C. van Tonder, A. Vorster
Derde ry: E. Viljoen, P. Fourie, A. Lambrechts, C. Bekker, L. Rademan, H. van der Merwe, J. du Toit, P. Nel

Hierdie jaar was vir ons leerlingraad 'n tyd van groei, samewerking en trots. As span het ons uitstekend saamgewerk en deur die jaar 'n positiewe verskil in die skoolgemeenskap gemaak.

> **"DAAR HET 'N STERK GEVOEL VAN EENHEID, RESPEK EN SAMEHORIGHEID ONDER DIE SPAN GEHEERS, WAT TOT ONS SUKSES BYGEDRA HET."**

Ons was verantwoordelik vir die reël van sokkies en terreindiens tydens verskeie geleenthede, wat telkens professioneel en sonder probleme verloop het. 'n Hoogtepunt van die jaar was ons fondsinsameling vir kankerbewustheid. Deur die verkoop van verskeie items kon ons 'n betekenisvolle skenking aan 'n kankervereniging maak — 'n ervaring wat vir elke lid baie waardevol was.

Aan die begin van die jaar het ons die bou van die nuwe hekkie geïnisieer, wat 'n nuwe tradisie by die skool ingelui het. Ons het ook die sottekamp vir die graad agts gereël en dit afgesluit met die simboliese voete-was-seremonie — 'n mooi gebaar van diens en nederigheid.

Ons Geesweek was 'n groot sukses met uitstekende deelname en entoesiasme van die hele skool. Deur die jaar het ons gefokus op dissipline, samewerking en trots — alles waardes wat die leerlingraad se werk definieer.

HUISKOMITEE
HUIS CRONJÉ



Eerste ry: J. du Toit, mnr. J. van Schalkwyk, me. J. Siebrits, C. van Tonder (Hoofdogter), C. de Wet (Hoofseun), me. C. Coetzee, mnr. T van Zyl, S. Viljoen
Tweede ry: G. Hall, L. Wolfaardt, M. van der Merwe, H. van der Merwe, C. Nel

2025 was nog 'n betekenisvolle jaar vir Huis Cronjé – 'n jaar van groei, verbeteringe en trots.

Die jaar het afgeskop met 'n volledige opknapping van die eetsaal. Die nuwe styl en atmosfeer het dit in 'n moderne, uitnodigende ruimte verander waar die leerders graag saam eet en kuier.

Die pret-swemgala was 'n groot sukses en een van die hoogtepunte van die jaar. Die koshuis het hul gees, spanwerk en entoesiasme gewys – in en buite die water.

'n Ander hoogtepunt was die vasvra- en debataand tydens een van ons inbly-naweke, waar leerders hul kennis en redenasievermoë ten toon gestel het.

Tydens interskole het Huis Cronjé se gees weer helder geskyn. Die leerders se toewyding en ondersteuning het gewys hoekom die koshuis 'n onmisbare deel van die skoolgemeenskap is.

Huis Cronjé se 2025 sal onthou word as 'n jaar van vooruitgang, trots en ware Volksiegees.

"DIE KOSHUIS BLY DIE HART VAN DIE SKOOL – 'N PLEK WAAR TRADISIE, TROTS EN EENHEID SAAMKLOP."





Eerste ry: E. Solomons, A. Loff, M. Kain, mnr. P. Kleynhans, R. Jaftha, L. Floors, M. Fillis, mev. I. Nel, R. Bell, A. Jordaan, K. Ngemntu.
Tweede ry: A. Smith, K. Mahona, C. Ceaser, S. van Rensburg, S. Sobuj, N. Matthee, G. Marais, R. Botha, B. Arnolds, X. Hafit, M. Booysen, U. Groenewald, S. Jansen, M. Cloete, L. Booysen, Z. Putter.
Derde ry: M. Erasmus, O. Jaftha, D. Gildenhuys, S. Marais, K. Deysel, T. Erasmus, D. Mostert, A. Damons, Z. van der Walt, C. Nel, C. Catsman.



Eerste ry: L. Syster, D. Meyer, J. Tarentaal, me. H. Prinsloo, G. Pietersen, L. Kayi, Z. April, mev. I. Nel, K. Welman, S. Leonard, Z. Campher.
Tweede ry: M. Marais, K. Serfontein, D. de Lange, A. Koopman, K. Jakobs, J. Gerber, L. Goltz, A. Vorster, K. Job, S. Niemand, G. Vrolik, A. Engelbrecht, J. Pieterse, K. Lewis.
Derde ry: J. Davids, M. Van der Ahee, E. Conradie, L. du Toit, S. van Heerden, P. Fourie, D. Erasmus, H. Lambrechts, R. Sauls, L. Blignaut, K. Swiegers.



Eerste ry: A. Myburgh, M. Nell, D. Alberts, I. Davids, mnr. L. Prinsloo, A. Jacobs, mnr. B. Cronje, H. Olivier, L. Bokbaard, K. Meyer, E. Goliath
Tweede ry: M. Blom, K. de Pearce, C. Viljoen, M. Afrika, C. Maarman, C. Jeffrey, A. Slabbert, C. Bezuidenhout, L. Saku, E. Baartman, E. Joubert, A. Nell, S. van Eeden, N. Beyers
Derde ry: C. Schutte, J. Mdudumani, P. Ehlers, A. Lambrechts, L. Rademan, A. van der Merwe, F. de Klerk, C. Stevens, M. du Plessis



Eerste ry: C. Mostert, V. Meshilinie, K. Fortuin, S.L Lange, me. C. Pienaar, J. Muller, mnr. B. Cronje, R. Serfontein, C. Hendricks, M. Sitaubi, L. Roman
Tweede ry: N.L. Strydom, M. van der Walt, P. van Veijeren, C. Christoffels, M. Jaftha, M. Ferreira, S. Alberts, J. Horn, A. Bezuidenhout, S. Boer, K. de Pearce, M. Beukman, H. Pearson, M. Fourie
Derde ry: R. van Zyl, V. Pienaar, D. Nel, T. Lodewyk, J. Viljoen, R. Terblanche, S. Japhta, L. Odendaal, H. Erasmus C. Kleyn



Eerste ry: E. Rodgers, J-L. White, C. Carolus, H. Buys, mnr. R. Torlage, A. Reid, mev. E. Coetzee, D. Lomberg, R. Jooste, J-L. Arnolds, N. Peters
Tweede ry: C. Mali, E. April, L. Syster, A. Davidson, T. Ferreira, L. Pienaar, G. le Grange, E. Myburgh, S. Flemmer, A. Ceasar, I. Erasmus, J. Shannon, Z-M. van Antwerpen, Q. Frolick, J. Tarentaal, R. Afrika
Derde ry: E. Jacobs, K. Matthee, E-M. Gradwell, D. Goliath, C. Jacobs, J-H. Lategan, R. van der Westhuizen, D. Matayi, S. Ferendale, J. Arends, R. Maarman, S. Grootboom



Eerste ry: A. Mahona, A. Botha, L. Africa, N. Wevers, mej. S. Vorster, C. Damons, mev. E. Coetzee, I. Pienaar, N. Hoogbaard, M. Prinsloo, J. Barnard
Tweede ry: J. Bester, A. Basterman, J. Minnies, K. Holster, J. Nel, D. Japhta, J. Steynberg, D. Deysel, K. Kruger, A. Kleynhans, D. de Koker, L. Lategan, L. Marais, Z. Welthagen
Derde ry: W. Lötter, M. Mostert, S. de Jager, P. Nel, J. Theron, C. Swiegers, E. Viljoen, C. Swartz, G. Theron, G. Coetzee



Eerste ry: T. Jacobs, J. Casling, M. Sylvester, me. J. Siebrits, B. Swart, D. Maarman, S. Malow, mnr. Stroebel, K. Koopman, M. Pietersen, N. Voetpad
Tweede ry: H. Jaar, K. Swartz, B. Arnolds, T. Fisant, J. Calitz, W. Jafta, J. Säfers, B. Vers, D. Japhta, L. Bezuidenhout, E. Barendse, E. Ali, A. Deysel, C. Ludick
Derde ry: L. Jacobus, C. Loots, I, Jaftha, L. de Beer, B. Catsman, J. Groenewald, D. Serfontein, H. Klaasen, A. Thiart, K. Motley
Afwesig: K. van Rooyen, E. Swanepoel



Eerste ry: V. Meyer, M. Nel, G. Hall, mev. S. Gildenhuys, M. Enslin, L. van der Mescht, C. Nel, mnr. R. Stroebel, J. Jacobs, Z. Homveld, V. Meyer
Tweede ry: H. Olivier, E. Dinjana, I-R. Ferreira, P. le Roux, L. Wolfaardt, I. Vorster, K. Keyser, D. Daniels, M. Bantom, L. Vosloo, J. van Wyngaard, J. Jansen, M. Janse van Rensburg, L. van Breda
Derde ry: M-Z. van Vuuren, S. Naudé, R. van der Ahee, M. van der Merwe, C. Conradie, R-H. van Eeden, H. van der Merwe, C. Jantjies, J. de Lange



Eerste ry: Me. H. Prinsloo, me. Z. Blom, mnr. R. Stroebel, me. E. Coetzee, C. de Wet (Onderhoofseun), mnr. N. Schreuder (Departementshoof), S. Viljoen (Hoofdogter), me. H. Malan (Skoolhoof) R. Kleyn (Hoofseun), me. S. van Wyk (Graadhoof), A.M. Hayes (Onderhoofdogter), mnr. B. Cronjé, mnr. R. Meiring, me. P. van der Mescht, mnr. L. Prinsloo

Tweede ry: T. Sylvester, H. Bruintjies, Z. Visagie, S. Mali, R. Liebenberg, me. S. Geldenhuys, me. J. Siebrits, me. S. Vorster, mnr. P. Kleynhans, mnr. R. Torlage, me. C. Coetzee, me. C. Pienaar, mnr. T. van Zyl, J. Coetzer, L. Vorster, C. Jacobs, M. Jacobs, A. Bosch, S.A. Prince.

Derde ry: R. Afrika, D. Grootboom, I. Hendrikse, C. van Tonder, C. Niemand, M. Elias, M. de Jager, T. Adams, L. Meshilinie, T. Graaff, U. Lamont, S. Jaftha, J.L. Gerber, J. Pretorius, C. van Heerden

Vierde ry: M. Williamson, I. Jacobs, K. Booysen, R. Barnard, M. van der Walt, W. van Antwerpen, M. Meyer, J. Read, A. Botha, B.L. Jooste, S. Carolus, L. Bouwer

Vyfde ry: J. du Toit, J.P. Theron, C. Bekker, V. Beukes, M. Maarman, J.R. Coetzer, Z. Lambrechts, A. Swartz, N. Goliath, L. Borcherds, T. Fourie



Tasmia Adams

Aansoek doen by die polisie/weermag. As ek nie daar regkom nie, laerskoolonderwys



Reese Afrika

Onderwys by NMU of UP grondslagfase



Ryan Barnard

Gaan Boer en dan Amerika toe



Casper Bekker

Professionele Jagterskursus doen op 'n plaas in die Noord-Kaap



Vincenzo Beukes

Wil graag weermag/polisie toe gaan, maar NMU is ook 'n opsie



Kiam Booysen

Aansoek gedoen by die weermag/polisie



LouwBorcherds

Universiteit van Kentucky in Amerika 'n elektrisiënkursus doen



Ain-Leigh Bosch

Grafiese ontwerp gaan doen by UWC



Andries Botha

Hy gaan 'n kursus doen as eletrisiën by Sol-Tech in Pretoria



Lua Bouwer

Sy gaan volgende jaar 'n gap-jaar vat en 'n tydelike werk in GRT kry



Hayley Bruintjies

Gaan studeer en laat God haar lei na waar Hy haar wil gebruik



Seth Carolus

Argitektuur studeer by Universiteit van die Wes-Kaap, wag nog om te hoor of hy aanvaar is



Janine Coetzer

Wil graag Medies studeer by NMU



Jann-Robert Coetzer

Hy gaan 'n kursus doen om 'n gesondheidinspekteur of vleisinspekteur te word in Australië



Maurizio De Jager

Argitektuur studeer by Universiteit van die Wes-Kaap, wag nog om te hoor of hy aanvaar is



Anthonie De Wet

Chiropraktisyn by UJ of Tandheelkunde by UWC

MATRIEKS 2025



Rosa-Leigh Dollies

Verder studeer by 'Varsity College' in Gqeberha



Joshua Du toit

BSc graad in Chemie by die Universiteit van Stellenbosch studeer



Millriano Elias

Gaan volgende jaar by Profcon as Kelner werk, om geld te spaar sodat hy drama kan studeer. As dit nie uit werk nie, wil hy weermag toe.



Tiaan Fourie

Besigheids deeltyds studeer aanlyn en by sy pa werk.



Jamie-Lee Gerber

Nog baie onseker oor haar toekoms, dalk onderwys laerskool



Neylan Goliath

Hy wil weermag toe



Tamica Graaff

'n Sjef of lugwaardin



Devedene Grootboom

Laerskool onderwys by 'Varsity College' in Gqeberha



Anna-May Hayes

Wil graag Arbeidsterapie studeer om ander te help om funksioneel te wees. Sy wil mense weer die mooi in die lewe wys en hul laat besef daar is altyd hoop, maak nie saak hoe moeilik die lewe is nie.



Iva Hendrikse

Somatologie by 'School of Beauty' in Aliwal Noord



Candolene Jacobs

Nog onseker



Imaan Jacobs

Wil in George in 'n toerisme rigting studeer, oorweeg nog watter loopbaan spesifiek



Michke Jacobs

Onderwys grondslagfase, nog nie seker waar nie



Nicole Jacobs

Besigheidsadministrasie of onderwys deur 'Varsity College' in Gqeberha



Spamandla Jaftha

Ingenieursewese, maar die groot vraag is nog waar



Ben-Lee Jooste

Argitektuur studeer, nog onseker waar



Youven Kiewiets

Aansluit by die Polisie-akademie in GRT



Rikus Kleyn

B.Landbou Plant- en dierproduksie by Elsenburg Landboukollege studeer



Zandré Lambrechts

Bemarking studeer, hy is reeds aanvaar by Eduvos, Tygervallei kampus



Uelyn Lamont

IT by NMU



Roelof Liebenberg

Dieselwerktuigkundige by Sol-tech in Pretoria



Michayle Maarman

BCom Rekeningkunde by Universiteit van Stellenbosch, reeds aanvaar



Mbasa Mali

Grondslagfase onderwys by die Universiteit van die Wes-Kaap



Layton Meshilinie

Elektriese Ingnieurswese by NMU of Rekenaarwetenskap by UWC



Malan Meyer

Dieselwerktuigkunde sol-tech Pretoria



Curwin Niemand

IT by Bloemfontein of Pretoria



Jessica Pretorius

Aanlyn studeer deur 'Varsity College', regte en werk in GRT by 'n prokureursfirma



Sue-Anne Prince

Hoërskool onderwys by 'Varsity College' in Gqeberha



John Read

Eie besigheid by sy pa oorvat



Valention September

Regte studeer en is reeds voorlopige aanvaar by UJ



Ashwill Swartz

Twee opsies, klaar aanvaar by die 'ETA College (Cheetahs Academy)' Bloemfontein of Universiteit van KZN rugby speel



Taneshia Sylvester

Verpleging in Bloemfontein

Jean-Pierre Theron



Deeltyds aanlyn Webtuiste ontwerp deur Eduvos studeer en dan sy pa se besigheid begin werk

Wynand van Antwerpen



Dieselwerktuigkunde deur die Provinsiale Padwerke, hy is reeds aanvaar

Martyn van der Walt



Gap-jaar vat om hom self te vind

Cleo van Heerden



Grondslagfase onderwys by NMU in Gqeberha

Elromeo van Heerden



Besigheidsadministrasie studeer, nog nie seker waar nie

Carla van Tonder



'Mode, Fashion retail management' in Potchefstroom

Saré Viljoen



Fisioterapeut, wag nog om te hoor van Universiteit van Stellenbosch en Bloemfontein

Zoé Visagie



Volgende jaar in GRT werk en geld bymekaar maak, dan in 2027 Dubai toe gaan om met 'n ryk man te gaan trou

Lauren Vorster



Sy gaan by Panorama aansluit om haarself as Sjef te kwalifiseer

Semitri Williams



Aanlyn Grondslagfase-onderwys studeer, en deeltyds werk, nog onseker waar

Micayla Williamson



Sy gaan by die Warwicks Hotel school in Hermanus aansluit. Sy gaan 'n kursus doen om 'n professionele sjef te wees en in 'pastry' spesialiseer, sy is reeds aanvaar vir dit






















MX 25
MX 25
MX 25



















Handewêreld

VOL HERINNERINGE



Die matrieks se laaste dag was, soos altyd, 'n emosionele mylpaal. Dit is die einde van twaalf jaar van roetine, herinneringe en 'n plek wat soos huis voel.

Die dag het begin met 'n saalbyeenkoms waar daar individueel van elke matriek afskeid geneem is en elkeen 'n klein geskenkie van die skool ontvang het. Daarna het hulle vir die laaste keer, as skoliere van Volkskool, die skoollied saamgesing.

Die ouers het buite 'n erewag gevorm waar die matrieks deur die nuwe hekkie — opgerig deur die klas van 2025 — vir die laaste keer gestap het. Daarna kon elkeen hul hand met verf op 'n lap druk, sodat hul merk vir altyd deel van Volkskool se geskiedenis bly.



> **"ONS BESTE WENSE VERGESEL HULLE OP DIE PAD VORENTOE."**







Bladsye geborg deur: Dentist@health, Bluekap, Drostdy Toyota

34 ’n Afskeid vol Glans EN DANKBAARHEID



Hierdie jaar was ons Matriekafskeid se tema “Deur die uurglas – ’n oomblik in tyd.” Die Graad 11-groep van 2025 het ongelooflik hard gewerk om vir ons matrieks ’n aand te skep waar dit voel asof die tyd vir ’n kort rukkie stilstaan. Van hamburgerverkope en sokkies tot lootjies en kreatiewe fondsinsamelings – elke poging het bygedra tot ’n aand wat eenvoudig onvergeetlik was.

Die elegante Panorama was die perfekte dekor vir hierdie besondere geleentheid. Die saal was gevul met lag, gesels, dans en hope pret, en die heerlike kos het die feestelike atmosfeer net verder aangevul. Ons matrieks van 2025 het pragtig voorgekom en waarlik gepronk op hul spesiale aand.

> **“ONS KYK MET WARM HARTE EN MOOI HERINNERINGE TERUG NA ’N MATRIEKAFSKEID WAT VIR ALTYD ’N BESONDERE PLEK IN ONS GEHEUE SAL HOU. 'N OOMBLIK IN TYD – VASGEVANG, GEVIER EN ONTHOU.”**









Bladsye geborg deur: E Consult W van der Vyfer, Europcar, Fouries Vervoer



















TOP PRESTEERDERS

GRAAD 12



78,3%

SARÈ VILJOEN

Uitblinkvakke:

- Lewensoriëntering
- Lewenswetenskap
- Toerisme

GRAAD 11



88%

ZENOBIA HOMVELD

Uitblinkvakke:

- Fisiese Wetenskap
- Lewenswetenskap
- Rekeningkunde
- Wiskunde

GRAAD 10



87,3%

ELNÉ VILJOEN

Uitblinkvakke:

- Fisiese Wetenskap
- Lewenswetenskap
- Rekeningkunde
- Wiskunde

GRAAD 9



91,9%

HESTRI PEARSON

Uitblinkvakke:

- Natuurwetenskap
- Tegnologie
- Wiskunde

GRAAD 8



93,6%

PIETER FOURIE

Uitblinkvakke:

- Afrikaanse Huistaal
- Digitale Tegnologie
- Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
- English First Additional Language
- Sosiale Wetenskap
- Tegnologie
- Wiskunde

’N JAAR VOL GEURE EN GENOT







As ons terugdink aan 2025, kan ons met ’n glimlag sê dat dit ’n uitstekende jaar in die Verbruikersklas was! Die getalle het gestyg, en dit wys duidelik dat leerders dit geniet om prakties te werk en met hul hande vaardighede aan te leer.

Dit bly vir ons ’n voorreg om Verbruikers aan te bied, veral omdat dit ’n duur vak is en die koste van bestanddele jaarliks styg.

> **“ONS IS DANKBAAR DAT ONS OOR ’N GOED TOEGERUSTE KOMBUIS BESKIK WAT ONS IN STAAT STEL OM HEERLIKE EN SINVOLLE PRAKTIESE LESSE AAN TE BIED.”**

Van omelette tot bredies en rolkoeke – ons het regtig gebak, gekook en gebrou, en die leerders het elke oomblik geniet.

Ons was ook bevoorreg om splinternuwe voorskote te ontvang, danksy ’n ruim borg. Nou lyk almal sommer spoggerig en soos ware sjefs in die maak!
Ons sien met opgewondenheid uit na 2026 en nog baie heerlike disse wat wag.

Bladsye geborg deur: GBG, Grassie Staal, GRT Hardeware

DIGITALE TEGNOLOGIE
VAARDIGHEDE VIR DIE TOEKOMS

In 2025 is Digitale Tegnologie by ons skool as 'n nuwe vak in die plek van Kuns en Kultuur ingefaseer, en ons is opgewonde oor hierdie waardevolle toevoeging. Die vak is prakties van aard en toerus leerders vir die wêreld van werk. Hulle leer basiese vaardighede in Microsoft Word en Excel, sowel as korrekte tikvaardighede.

Digitale Tegnologie bestaan uit 'n teorie- en praktiese deel, en almal geniet die vak baie. Dit dien ook as 'n uitstekende voorganger vir RTT, Digitale Tegnologie se "ouer boetie", en bied leerders die nodige vaardighede om die aanpassing in Graad 10 makliker te maak.
Hoër Volkskool is trots om leerders met vaardighede toe te rus wat werklik 'n verskil in hulle lewens kan maak en hulle voorberei op 'n suksesvolle toekoms.

NUWE
INTERAKTIEWE WITBORDE

Vanjaar is daar groot opgewondenheid by Volkskool se personeel en leerders met die aankoms van nuwe interaktiewe witborde in ons klaskamers. Dit het vinnig deel van die alledaagse ritme geword en bring 'n vars manier van leer en verduidelik in elke lokaal waar dit gebruik word.
Onderwysers kan nou met gemak visuele materiaal wys, notas direk op die skerm aanteken en leerders op 'n meer praktiese manier by die lesse betrek.

> **"DIE VERANDERING IS ONMIDDELLIK SIGBAAR — KLASWERK VOEL LEWENDIGER, EN DIT HELP ONS OM SELFS MOEILIKER WERK DUIDELIKER AAN TE BIED."**

'n Opregte dankie aan Dr. Bernard Beukes, wat hierdie borge by Volkskool moontlik gemaak het.
Sy ondersteuning word opreg waardeer en ons sien elke dag die verskil wat dit in ons klaskamers maak.

Met hierdie toevoeging is ons opgewonde oor wat voorlê, en veral oor hoe dit ons leerders se ervaring gaan verryk.



ADMATHS EN ADACCOUNTING

VAARDIGHEDE VIR 'N AKADEMIESE VOORSPRONG

AdMaths is 'n gevorderde wiskunde-program wat ten doel het om leerders verder te stimuleer en te verryk.

> **"DIE PROGRAM HELP OM DIE GAPING TUSSEN MATRIEK EN UNIVERSITEIT TE VERKLEIN EN IS GESOG VIR LEERDERS WAT RIGTINGS SOOS INGENIEURSWESE, BSC, BCOM EN MBCHB WIL VOLG."**

'n Leerder kwalifiseer vir deelname aan die program indien hy/sy 75% of meer in 'n onlangse wiskunde-eksamen behaal het. AdMaths is 'n ekstra vak en nie bloot ekstraklasse in wiskunde nie. Die kursus word via klaskameronderrig by meer as 50 skole aangebied, en leerders skryf hul interne eksamens deur AdMaths tot en met die Graad 12-rekordeksamen.



Leerders kan ook die AdAccounting-aanlynkursus oorweeg indien hulle 'n passie vir rekeningkunde het. Hierdie sesmaande-kursus begin in Graad 10 tydens die derde kwartaal en dek onderwerpe soos Profyt, Annuiteite, Bates, Laste, Finansiële State, Belasting en Rekonsiliasie. Die doel van die program is om leerders die geleentheid te bied om hul kennis, vaardighede en verstaan van rekeningkunde verder te ontwikkel.

Die volgende leerders het uitmuntend in AdMaths gepresteer gedurende 2025:

- Lisa du Toit – Graad 8
- Hestri Pearson – Graad 9
- Jayde Minnies – Graad 10
- Zenobia Homveld – Graad 11

Volkskool is trots om leerders te ondersteun wat hul akademiese horisonne wil verbreed en 'n voorsprong wil hê in uitdagende akademiese rigtings.



Hestri Pearson



Jayde Minnies



Zenobia Homveld

Afwesig vir die foto: Lisa du Toit

Bladsye geborg deur: Karoo Melamine, Merino Apteek, Mesh Steel

WOW-SPELFEES 2025

In 2025 het 'n totaal van 18 leerders ingeskryf vir die WOW-spelfees. Die kompetisie is aangebied vir Graad 8–10 in Afrikaans en Graad 8–9 in Engels. Die eerste rondte is by Graaff-Reinet Primêr gehou, en al die leerders het deurgedring na die tweede rondte.

Uiteindelik het vier leerders – Chandre Damons (Gr. 10 Afrikaans), Veruschka Meshilinie (Gr. 9 Afrikaans), Kayden Job en Elgemayne Solomons (albei Gr. 8 Afrikaans) – deurgedring na die provinsiale uitdunne in Port Elizabeth. Hulle het die skool se naam met trots verteenwoordig, al kon hulle ongelukkig nie die top 4 behaal om deur te dring na die Nasionale Kompetisie in Stellenbosch nie.

Ons is trots op Volkskool se spellers, wat jaarliks bewys dat hulle 'n krag is waarmee rekening gehou moet word.



Van links af: Kayden Job, Elgemayne Solomons en Chaendré Damons

Afwesig vir die foto: Veruschka Meshilinie

TOPPRESTEERDERS IN EKONOMIE, REKENINGKUNDE EN BESIGHEIDSTUDIES

Drie van Hoër Volkskool se senior Rekeningkunde-kandidate het deurgedring na die finale rondte van die jaarlikse Proverto Nasionale Olimpiade. Dit sluit in Charl Conradie (Gr. 11), Jayde Minnies (Gr. 10) en Elné Viljoen (Gr. 10). Van die 1 908 Graad 10-kandidate het slegs 724 na die tweede rondte deurgedring, en beide Jayde en Elné het bo die nasionale gemiddelde van 62% presteer – 'n indrukwekkende prestasie.

In 2025 is daar ook 'n Graad 9 EBW Nasionale Olimpiade bygevoeg, waaraan 1 671 kandidate deelgeneem het. Van die 11 Hoër Volkskool-deelnemers het die volgende leerders bo die nasionale gemiddelde van 67% presteer: Pieter Fourie (Gr. 8), Nushaan Beyers, Daniël Nel, Monique Nell, Arno Slabbert en Sarah van Eeden.



Arno Slabbert is Hoër Volkskool se toppresteerder, met 'n uitstaande totaal van 85%: Ekonomie 80%, Rekeningkunde 80% en Besigheidstudies 95%.

Ons is trots op al ons kandidate wat hul toewyding, harde werk en akademiese uitnemendheid jaarliks bewys.



IGO ONTDEK DIE WÊRELD
VAN ONTWERP EN VERVAARDIGING

Die Graad 10 IGO-klas het in die tweede kwartaal twee tegnologiese besighede in Gqeberha besoek as deel van hul tegnologie-ondersoek. By die eerste besigheid het die leerders gesien hoe toerusting ontwerp en beplan word met behulp van gevorderde rekenaarmodellering. Daarna het die groep 'n fabriek besoek waar dieselfde toerusting vervaardig en aanmekaar gesit word.

Dit was besonders om te sien hoe elke onderdeel, groot of klein, 'n sleutelrol speel in die finale produk. Die uitstappie het waardevolle insig gegee in die praktiese toepassing van teorie, en die leerders het teruggekom met 'n dieper waardering vir die wêreld van tegnologie.



REKENINGKUNDE UITSTAPPIE
'N REIS DEUR TYD EN FOSSIELE





Op 1 Oktober 2025 is Hoër Volkskool se Graad 11 Rekeningkunde-klas bederf met 'n uitstappie na Karoo Origens. Hierdie plaaslike fossielsentrum beskik oor 'n asemrowende uitstalling wat verskeie spesies insluit. Die mini-filmvertoning was uniek, en die slim gebruik van karakters het vir glimlagte op elke gesig gesorg.

Marina Rubidge, met 'n agtergrond in die skep van elektroniese biblioteekportale, het as instaan-gids waardevolle kennis met die leerders gedeel. Hierdie uitstappie was voorwaar 'n ervaring wat lank in almal se geheue sal bly.

IN DIE HART VAN LANDBOU

'N JAAR VAN NUWE LEWE



Die landbou-afdeling het hierdie jaar uitsonderlike geleenthede aan ons leerders gebied.

> **"ERVARINGS WAT NIE NET HUL KENNIS VERBREED HET NIE, MAAR OOK HUL LIEFDE VIR DIE LANDBOUSEKTOR VERDIEP HET."**

Die praktiese wêreld het beslis klaskamer toe gekom. Op 23 Junie 2025 het dr. Hobson, plaaslike veearts van Graaff-Reinet, ons Graad 12-Landbouwetenskapklas besoek. Hy het die leerders advies gegee oor die algehele gesondheid van hul kuddes, insluitend die voorkoming en vroeë identifisering van siektes en parasiete. Hy het spesifiek op angorabokke en merinoskape gefokus en waardevolle riglyne gedeel oor verantwoordelike veebestuur.

Ons Graad 10-leerders het ook die geleentheid gekry om die volledige proses van wol- en sybokhaarproduksie eerstehands te beleef. Op 24 Junie 2025 het ons House of Fibre in Gqeberha besoek, waar leerders die reis van sybokhaar – van aflewering tot veiling – kon volg. Daarna het ons na die BKB-wolstoor vertrek, waar die volledige proses van ontvangs, sortering en verwerking van wol bestudeer is. Leerders kon self die verskillende soorte wol voel en waardevolle kennis opdoen oor hierdie belangrike landboubedryf.

Op 9 September 2025 is die top sewe Graad 10-leerders vereer met 'n besondere geleentheid: om swartwitpense te kon pyl, vervoer en hanteer. Onder streng toesig is hulle bekend gestel aan wildbestuur, veiligheid en die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan. Dit was 'n belewenis wat min mense ooit van naby ervaar.

Op 30 September 2025 het die Graad 10- en 11-leerders hul eerste amptelike kursus voltooi. Hierdie twee klasse het 'n Boerbok-kursus by Roodewal buite Graaff-Reinet geslaag, waar 24 leerders met trots hul sertifikate ontvang het. Die kursus het gefokus op die rasstandaarde van Boerbokke en die beoordeling van ramme en ooie. Ons sê 'n opregte dankie aan oom Pieter en Magdel Nel vir hul tyd, kennis en bereidwilligheid om hierdie waardevolle geleentheid moontlik te maak.

Maar die grootste opwinding van die jaar was ongetwyfeld ons eie landboutuin! Ná jare van droogte en stilte is daar nou nuwe lewe. Leerders skoffel, grawe, trek onkruid uit en beplan met ywer – vasberade om die tuin weer 'n trotse werkende ruimte te maak. Hierdie projek bring nie net praktiese vaardighede nie, maar ook spanwerk, verantwoordelikheid en trots in hul eie harde werk.

Dit is net die begin van 'n nuwe seisoen vir Landbou. Daar wag nog vele avonture en geleenthede in 2026 – hou ons dop!














THE HOUSE OF
FIBRE




SL 754 EC

TOPPRESTEERDERS ONTDEK SAMARA

Die top vyf presteerders in Graad 8 en 9, asook die top tien in Graad 10, het hierdie jaar die wonderlike voorreg gehad om Samara Wildreservaat te besoek as beloning vir hul uitstekende akademiese uitslae. Vir baie was die eerste hoogtepunt natuurlik die feit dat hulle vir 'n slag skool kon mis!

By die reservaat aangekom, is ons hartlik verwelkom en kon ons eers 'n koppie boeretroos en beskuit geniet terwyl Oom Marnus Ochse interessante feite oor die geskiedenis van Samara met ons gedeel het. Die leerders het gou agtergekom dat daar baie meer is om te leer as wat die blote oog kan sien—soos dat die verskil tussen die swart- en witrenoster niks met hul kleur te doen het nie. Die onderskeid lê eerder in hul bekke: die witrenoster met sy breë, "wide" mond en die swartrenoster met sy kenmerkende haaklip. 'n Vroeëre misverstaan van "wide" as "white" het die naam verwarring geskep.

Ons het ook gehoor dat 'n hiëna se kake sterker is as dié van 'n krokodil én 'n leeu, en dat hul maagsuur sterk genoeg is om bene te verteer. 'n Waterbok se pels bevat oliekliere wat water afstoot, maar die olie smaak só bitter dat leeus eerder kies om hulle nie te jag nie.

Op Samara se logo verskyn die witgatboom, en ons was gelukkig om heelwat daarvan raak te sien. Die naam dui op die boom se kenmerkende wit stam, terwyl "gat" verwys na die gate wat diere – veral olifante – grawe om die medisinale wortels te bereik.



Wildlewe was volop, en omdat Samara fokus op die herstel van die omgewing en nie jag toelaat nie, was die diere merkbaar minder skrikkerig. Kudu, waterbokke, vlakvarke, witrenosters, meerkatte, rooikeelbyevangers, steenbokkies, witkwasmuishonde, rooihartbeeste, ape, bobbejane, springbokke en selfs 'n sekretarisvoël het ons verras met spesiale verskynings.

Die grootste hoogtepunt was egter die ontmoeting met 'n majestueuse leeumannetjie en -wyfie wat rustig aan hul elandvangs gesmul het—heeltemal ongepla deur die verstomde leerders en personeel wat hulle stil-stil dopgehou het. Net toe ons dink die dag kan nie meer opwindend word nie, het 'n jagluiperd en haar kleintjies 'n jagtoneel vol moed en spoed afgespeel terwyl hulle 'n springbok agternagesit het.

Vir baie was hierdie ervaring iets wat hulle net op televisie sien en daarom is ons leerders en personeel opreg dankbaar vir die geleentheid. Ons hoop dat hierdie onvergeetlike uitstappie 'n inspirasie sal wees vir elke leerder om hard te werk en na uitmuntende akademiese prestasie te streef—want wie weet, miskien is jý volgende om só 'n besondere bederfdag te beleef!

> **"ERVARINGS WAT NIE NET HUL KENNIS VERBREED HET NIE, MAAR OOK HUL LIEFDE VIR DIE LANDBOUSEKTOR VERDIEP HET."**


















‘N UITSONDERLIKE SEISOEN

ATLETIEK



Eerste ry: K. Serfontein, S. Lange, L. Marais, M. jv Rensburg, H. van der Merwe, mnr. R. Stroebel, A.W. Lambrechts, J. Gerber, A. Vorster, M. Enslin, D. Alberts
Tweede ry: A. Hayes, D. Gildenhuys, S. Marais, V. Pienaar, L. Vosloo, L. Bouwer, G. Theron, A. Thiart, B. Vers, C. Niemand, A. Slabbert, K. Swiegers
Derde ry: S. van Heerden, D. Erasmus, T. Lodewyk, D. Matayi, S. Naudé, J. Theron, C. Swiegers, L. Rademan, R. van der Ahee, S. Japhta, C. Jacobs, T. Erasmus

Volkskool se atlete het ’n uitmuntende seisoen beleef en die jaar afgesluit met ’n pragtige oorwinning teen Union tydens die interskole-atletiekdag. Die gees, deursettingsvermoë en spanpoging wat deur die jaar opgebou is, het duidelik in elke item en prestasie na vore gekom.

Verskeie atlete het hulself verder onderskei deur gekies te word vir die Sarah Baartman-span wat in Gqeberha deelgeneem het. Hierdie groep het bestaan uit Jarrod Gerber, Tristan Lodewyk, Divan en Tiaan Erasmus, AW Lambrechts, Vincent Pienaar, Hannes van der Merwe, Diniso Matayi, Aidan Thiart, Curtley Jacobs, Ben-Lee Jooste, Curwin Niemand, Deidra Alberts, Mienke van Rensburg, Karien Swiegers, Angela Vorster en Shana Lange.

Hulle verteenwoordiging is ’n bewys van die diepte en talent in Volkskool se atletiekprogram.

’n Groot hoogtepunt vir die jaar was AW Lambrechts se uitstaande prestasie, wat hom ’n welverdiende plek in die Oos-Kaapspan besorg het vir die SA-kampioenskappe in Bloemfontein — ’n besondere prestasie waarop die hele skool trots kan wees.

> **“VOLKSKOOL SIEN MET DANKBAARHEID TERUG OP ’N SEISOEN VOL HARDE WERK, SPANPOGING EN PRESTASIE — EN MET OPGEWONDENHEID UIT NA WAT VOLGENDE JAAR GAAN BRING.”**



Bladsye geborg deur: Bluekap, Dentist@Health, Drostdy Toyota

‘N NUWE TRADISIE WORD GEBORE OP DIE BAAN







Ons skool het met groot trots ons heel eerste aflosbyeenkoms aangebied – ’n betekenisvolle mylpaal en ’n splinternuwe hoogtepunt op ons atletiekkalender.

> **“DIE BYEENKOMS DRA MET TROTS DIE NAAM VAN MNR. THEO DÖRFLING, WIE SE JARELANGE TOEWYDING EN PASSIE VIR ATLETIEK ’N BLYWENDE INDRUK OP ONS SKOOLGEMEENSKAP GEMAAK HET.”**

Vyf skole het deelgeneem, en die gees op én langs die baan was iets besonders. Spanwerk, sportmangees en indrukwekkende prestasies het saamgesmelt om die dag werklik onvergeetlik te maak.

Danksy uitstekende samewerking tussen atlete, afrigters en ondersteuners het Volkskool uiteindelik as die algehele wenners uit die stryd getree.

Ons wil elke deelnemende skool bedank en gelukwens met hul positiewe bydrae tot hierdie geslaagde geleentheid.

Met opgewondenheid sien ons uit na volgende jaar se byeenkoms – ’n dag wat sonder twyfel net groter, sterker en nog meer besonders gaan wees!



1994: Mnr. Theo Dörfling het by Hoërskool Punt aan die SWB Meesters-atletiek deelgeneem, waar hy in spiesgooi meegeding het.

DUBBEL DIE VASBYT:
VOLKSKOOL SE TWEEKAMPHELDE







Die afgelope jaar het Hoër Volkskool slegs twee aktiewe tweekamp-atlete gehad, maar hulle het met trots en deursettingsvermoë elke geleentheid aangegryp. Carla van Tonder het aan die liga-byeenkomste deelgeneem en in albei baie goed gevaar. Rudolph-Hein is gekies vir die o.19 OP-span en Carla as reserwe vir die o.19 dogters OP-span – 'n verdienstelike prestasie vir beide atlete.

Rudolph-Hein het Hoër Volkskool verder verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskappe in Oudtshoorn, waar hy 'n algehele 36ste plek uit 57 atlete behaal het.

Ons is baie trots op hom én op Carla vir hul harde werk, toewyding en die manier waarop hulle Volkskool se naam hoog gehou het.



WANNEER 'N NOODPLAN
'N OORWINNING WORTEL

Vanjaar het ons vir die eerste keer aan landloop deelgeneem tydens Interskole. Omdat dit nie 'n amptelike sport by ons is nie, was die groot vraag natuurlik: Waar kry ons nou deelnemers vandaan?

Soos 'n ware Volksie-familie het ons nie terug gestaan nie — en toe skoonskip gemaak!
In die seuns-hoërskoolafdeling het ons die eerste sewe plekke ingeneem, én sommer weer die negende plek ook. Die eindtelling: 27–1.

By die meisies was die kompetisie stywer, maar ons het steeds met 15–13 geseëvier.

Hierdie jaar is die Volksies GRT Hardloopklub ook by ASA geregistreer.

> **ONS NOOI GRAAG ALLE OUDSKOLIERE, VRIENDE VAN VOLKSKOOL EN BELANGSTELLENDES OM DEEL TE WORD VAN HIERDIE GROEIENDE HARDLOOPFAMILIE.**




Volksbeat




UNION















’N JAAR VAN DEURSETTINGSVERMOË EN PRESTASIE

BOOGSKIET



Eerste ry: M. Lategan, mnr. L.E. Prinsloo, J. Read, mnr. B. Cronje, M. Enslin, mev. C. Cronje, M. Blom
Tweede ry: H. Grobbelaar, K. van Rooyen, D. de Koker, C. Kleyn, M. Mostert, G. Coetzee, I. Hendrikse, N. Beyers
Derde ry: F. de Klerk, R. Kleyn, W. Lötter

2025 het weggespring met kommer oor die feit dat daar nie genoeg hoërskool skuts sou wees om ‘n “Bullseye span” na die Nasionale Interskole skiet te stuur nie.

Dit bring ons egter nie van stryk om uitstekende prestasies te lewer nie. Ons het 6 interskole wedstryde geskiet, ons teenstanders was verskeie skole uit Uitenhage, Jeffreysbaai en Alexandria. Ons kon egter nie spanwedstryde skiet nie.

Op 9 Augustus neem ons deel aan die OP kampioenskappe, dit kan gesien word as die finale OP proewe. Die kwalifisering vir OP kleure is ‘n gemiddelde telling van 260/300 vir 4 interskole wedstryde en deelname aan OP Kampioenskappe.

Die AGA SA OP Hoërskole A-span het 7 uit 16 lede wat van HVS is: Mikha Enslin, Michyle Mostert, Danel de Koker, Karli van Rooyen, Nushaan Beyers, John Read en Conrad Kleyn. In die OP B-span is Rikus Kleyn en Gerhard Coetzee opgeneem.

Deelname aan die AGA SA Nasionale Interprovinsiale kampioenskappe is 7-10 Oktober 2025 in Polokwane. Daar sal ook deelname wees aan die Nasionale Interskole Kampioenskappe, ons neem deel as HVS span aan die 3D afdeling van die Nasionale interskole.

> **“ ONS VERWERF ‘N 15 DE PLEK UIT 42 SKOLE. ”**

Die span is: Michyle Mostert, Conrad Kleyn, John Read, Gerhard Coetzee, Rikus Kleyn, Nushaan Beyers, Danel de Koker, Mikha Enslin en Karli van Rooyen.

As individue het ons skuts ook goed gevaar en ontvang Nushaan Beyers ‘n brons medalje in die kategorie vir gr. 9 dogters.
Baie geluk aan al ons skuts, ons is trots op julle.



Bladsye geborg deur: HI Q, Kamdeboo Supermeat, Karoo Ford



’N JAAR VAN GROEI, NUWE GELEENTHEDE EN BOU AAN DIE TOEKOMS

Die 2025-seisoen was vir ons hokkieprogram ’n tyd van groei, nuwe geleenthede en die bou van ’n stewige toekomspad. Met ’n merkbare toename in spelersgetalle deur al die spanne, is dit duidelik dat belangstelling in die sport sterk groei.

> **“HIERDIE ONTWIKKELING GEE ONS NIE NET MEER DIEPTE NIE, MAAR LÊ OOK ’N VASTE GRONDSLAG VIR TOEKOMSTIGE SUKSES.”**

Ons Eerstespan, wat uit ’n jong en belowende groep spelers bestaan, het die jaar gebruik om waardevolle ervaring op te doen. Alhoewel die uitslae soms uitdagend was, was die vasbyt, energie en potensiaal binne hierdie groep duidelik sigbaar. Die ervaring en groei van die seisoen gaan hulle beslis in die komende jare tot groter hoogtes neem.

Die Eerstespan het altesaam twee-en-dertig wedstryde gespeel en tien oorwinnings aangeteken. Hulle deelname aan drie toernooie — in Oos-Londen, Bloemfontein en Graaff-Reinet — het vir hulle onskatbare blootstelling gebied en verskeie geleenthede geskep om hul spelpeil te verbeter.

Die Tweedespan het ook ’n stewige bydrae gelewer met ses oorwinnings uit dertien wedstryde. Hulle deelname aan die Somerset-Oos-toernooi saam met die o/16-span het tot waardevolle spanbou en wedstryd-ervaring gelei.

Die Derdespan het die seisoen gebruik om vaardighede en ritme op te bou, en met twee oorwinnings en ’n gelykop het hulle ’n goeie fondament gelê vir verdere groei.





Een van die uitblinkers van die jaar was die o.16-span. Met vyftien oorwinnings uit twee-en-twintig wedstryde het hulle gewys dat hierdie jong groep oor besondere talent en karakter beskik. Hul deelname aan toernooie in Somerset-Oos en Gqeberha het hierdie indruk verder versterk en wys duidelik dat die toekoms van ons hokkieprogram in bekwame hande is.

Die jaar se hoogtepunte sluit die groei in spelersgetalle, die waardevolle toernooi-ervaring van ons jong spanne, sowel as die erkenning van spelers op hoër vlak in. Een speler het die besondere eer gehad om op nasionale vlak te verteenwoordig, terwyl drie van ons spelers provinsiale kleure verwerf het. Die uitsonderlike prestasies van die o.16-span het verder benadruk dat ons program gesonde, mededingende jong spelers ontwikkel.

Die 2025-seisoen het gewys dat ons hokkieprogram nie net op uitslae fokus nie, maar op ontwikkeling, groei en die bou van ’n volhoubare, mededingende toekoms. Elke speler, afrigter en ouer het ’n waardevolle rol gespeel om die program vorentoe te neem. Met ’n jong Eerstespan, ’n sterk o.16-groep en groeiende deelname sien ons met vertroue en opgewondenheid uit na die 2026-seisoen. Die fondament is gelê — nou bou ons verder aan ’n toekoms vol prestasie, trots en ware Volksiegemeenskap.

Bladsye geborg deur: Karoo Melamine, Merino Apteek, Mesh Steel

‘N NUWE TRADISIE
HOKKIE BESIGHEIDSLIGA

Vanjaar het Volkskool vir die eerste keer ’n hokkie besigheidsliga aangebied, met die doel om die gemeenskap se liefde vir hokkie te vier en te ontwikkel. Besighede en skoolkinders is uitgenooi om spanne van tot tien spelers in te skryf, en tien spanne het die uitdaging aanvaar – ’n totaal van sowat 100 deelnemers.

> **“DIE LIGA HET SY EIE UNIEKE WEDSTRYDFORMAAT GEVOLG – NIE DIE TRADISIONELE HOKKIE-REËLS NIE, MAAR ’N SPEELSE EN DINAMIESE BENADERING WAT ALMAL BETREK EN OPGEWONDE GEMAAK HET.”**

Die liga het aanvanklik op twee aande per week plaasgevind: Poel A het op Maandae en Poel B op Woensdae gespeel. Ná die tweede week is besluit om albei poele na Woensdae-aande te skuif, sodat al die spanne saam een aand per week kon kompeteer. Op hierdie stadium het elke poel sy eie veld gehad en is die wedstryde as halfveld-wedstryde gespeel. Hierdie nuwe struktuur het vinniger, meer dinamiese wedstryde moontlik gemaak en die gesellige atmosfeer langs en op die veld verhoog.

Die Volkskool-snoepie het die liga elke aand bederf met spesiale lekkernye, van naasies tot heerlike peuselboksies. Die eindstryd het die span Lights Out as wenners bekroon – ’n span wat weekliks saamkom om hokkie te speel – terwyl Die Goats, wat hoofsaaklik uit skoolkinders bestaan, insluitend rugby- en hokkiespelers, die opvolg-wenners was.



Die sukses van die eerste liga en die groot deelname het almal opgewonde gelaat vir volgende jaar, waar nog meer spanne en besighede die kans sal kry om deel te wees van hierdie unieke en dinamiese kompetisie!

Katinka Louw
Bemarker











HOKKIE Eerstespan



Eerste ry: M. Jv Rensburg, A. Louw, S. Viljoen, mnr. J. Malan, C. Nel, A.M. Hayes, C. van Tonder
Tweede ry: K. Ngemntu, R. Serfontein, S. Lange, G. Hall, H. Pearson, M. Nel, D. Alberts
Derde ry: S. van Eeden, L. Bouwer, U. Groenewald

Tweedespan



Eerste ry: T. Jacobs, A. Vorster, mev. L. van Heerden M. Fourie, M. Prinsloo
Tweede ry: N. Wevers, C. Jeffrey, M. Blom, L. van der Mescht
Derde ry: C. Schutte, L. du Toit, I. Erasmus

Derde span



Eerste ry: R. Bell, J. Tarentaal, D. Welthagen, me. A. Spaargaren, J. Pretorius, K. Mahona, A. Loff
Tweede ry: H. Olivier, S. Niemand, N. Matthee, M. van der Walt, Z. van Antwerpen, M. Cloete
Derde ry: M. du Plessis, E. Gradwell, K. Matthee

0.16 A



Eerste ry: K. Ngemntu, N. Wevers, J.L. Barnard, me. C. Coetzee, K.L. Kruger, K. Serfontein, N. Peters
Tweede ry: S. Jansen, C. Jeffrey, M. Erasmus, M. Ferreira, K. Swiegers, U. Groenewald, A. Vorster


CLARENDON
HOCKEY
SUZUKI
HVS 0:00 GILL
8 Kwart 0
4

'N VUURWARM BEGIN
OP DIE NUWE SEISOEN

KRIEKET



Eerste ry: C. Viljoen, Z. van der Walt, E. Joubert, mnr. P. Kleynhans, A. Lambrechts, A. Slabbert, G. Marais
Tweede ry: C. Bezuidenhout, J. Mdudumani, W. Lötter, L. Odendaal, D. Erasmus, T. Erasmus, S. van Heerden, D. Deysel, V. Pienaar
Derde ry: T. Lodewyk, J. Viljoen, S. Japhta

Die krieketseisoen het vanjaar met 'n blink begin van stapel gestuur en voortgebou op die sukses van verlede jaar. Met uitstekende spel en sportmanskap het die span teen Marlow, Gill en Middelburg sterk teenstand gebied.

Met nog vele wedstryde wat op die program staan, is daar groot opgewondenheid oor wat hierdie talentvolle krieketspan nog kan bereik.

> **"DIE TOEKOMS VAN KRIEKET LYK BELOWEND EN BELOOF NET VERDERE VERBETERING."**

Uitstaande spelers van die jaar was AW Lambrechts, wat keer op keer die fondasie gelê het vir soveel lopies as moontlik. Sy beste vertoning was teen Gill, waar hy 40 lopies van 30 balle behaal het en sy span gehelp het om met ses paaltjies te wen.

Met die bal het Enriano Joubert altyd standvastig gebly en het elke wedstryd as bouler met die meeste paaltjies op sy kerfstok afgesluit. Sy beste vertoning was ook teen Gill, waar hy vyf paaltjies in vyf boulbeurte geneem het en slegs 16 lopies afgestaan het.



Bladsye geborg deur: Profcon Resort, Slater & Dutch, Slimboer


















Volkskool

NETBALSTORIES VAN TROTS, GROEI EN GEMEENSKAP

As ons terugkyk na die jaar, was daar vele hoogtepunte en laagtepunte op die netbalkalender, waar elke geleentheid waardevolle groei en ontwikkeling tot ons spelers se ervaring bygedra het.

> **"ONS NETBALSPANNE HET WEER EENS HUL PLEK OP DIE BAAN INGENEEM MET ENTOESIASME EN TROTS, EN DIT WAS BESONDERS OM TE SIEN HOE DIE SPELERS DEUR DIE JAAR AAN HUL KARAKTER, DEURSETTINGSVERMOË, SPANWERK EN LOJALITEIT TEENOOR MEKAAR ÉN HUL SKOOL GEBOU HET."**

Ons het die seisoen sommer sterk afgeskop toe die o.19 A-span op 1 Maart aan die Gill-sportdag in Somerset-Oos deelgeneem het en drie van hul vier wedstryde gewen het.

Ons is baie trots op Lenique Pienaar, Ilze Vorster, Keizia Swartz, Madison Beukman en Octavia Jaftha, wat tot die laaste rondte van die Oos-Kaap-proewe deurgedring het.

Die hoogtepunt van die seisoen is elke jaar die interskole teen Gill. Die wedstryde was van begin tot einde uiters spannend, en uiteindelik het die uitslae presies weerspieël wat op die dag gebeur het – 'n ware gelykopstryd. Albei skole het twee wedstryde gewen, twee verloor en een gelykop gespeel. As gevolg hiervan deel ons hierdie jaar die trofee met Gill.



Van links af: Octavia Jaftha, Madison Beukman, Keizia Swartz, Lenique Pienaar.

Afwesig: Ilze Vorster



Ons wil graag 'n besondere woord van dank en waardering uitspreek teenoor Lerato Siyaya vir haar toegewyde afrigting van die eerstespan die afgelope jaar. Haar passie vir netbal en haar ervaring as afrigter in verskeie klubs in die gemeenskap het ons span grootliks verryk. Lerato het nie net haar kundigheid gedeel nie, maar ook 'n liefde vir die jeug.

Dit was vir ons 'n riem onder die hart dat sy die waardes van ons skool met oortuiging uitgeleef het – waardes soos deursettingsvermoë, opoffering, respek, lojaliteit en uitnemendheid, om net 'n paar te noem. Hierdie waardes was duidelik sigbaar in die vordering en groei van ons senior netbal gedurende die seisoen.

Hoewel dit vir ons hartseer is om haar te groet, gun ons haar die wonderlike geleentheid wat sy by Gill Hoërskool ontvang het, en ons wens haar alles van die beste toe met haar onderwysloopbaan. Lerato sal verseker gemis word en ons sê opreg dankie vir die waardevolle bydrae wat sy tot ons skool se netbal gemaak het.

Bladsye geborg deur: SPAR, Steers, Supa Quick



Die eerste span het elke wedstryd met vasberadenheid en respek vir hul teenstanders aangepak. Hulle het hul skool se naam met eer en toewyding gedra en kon telkens as waardige mededingers beskou word. Die span het ‘n seisoen met beide welslae en nederlae beleef en die meerderheid uitslae toon groei wat ons hoopvol maak dat hierdie jaar se harde werk ’n stewige grondslag lê vir die sukses wat voorlê. Vir die A-span was die kaptein Reese Afrika en onderkaptein aan die begin van die seisoen was Cleo van Heerden.



Die o.16 het hierdie jaar ‘n ander aanslag geneem deur die grootste deel van die jaar met ‘n ‘Beginspan’ en ‘n ‘Bomb squad’ te speel (Ons wonder hoeveel invloed dr. Rassie Erasmus hier gehad het...). Die span het elke wedstryd met ywer aangepak en goeie netbal gelewer. Die spelers het redelik roteer en elke speler het geleenthede gehad om hulself te ontwikkel en hulself te bewys op die baan. Die Kaptein vir die o.16A-span was Elné Viljoen en onderkaptein Chandré Mali. Die o.16B se kaptein was Leché Marais en onderkaptein Jordan Shannon.

Die o.15 A-span het ‘n opwindende seisoen beleef met ‘n jong groep entoesiastiese meisies wat elke wedstryd waardige opponente was en Volkskool met trots verteenwoordig het.Die o.15 A kaptein was Logan Bokbaard en onderkaptein Verushka Meshilinie die B-span se kaptein was Lozaan Kayi en onderkaptein was gedeel deur Keisha Fortuin en Madison Beukman.



NETBAL Eerstespan



Eerste ry: M. Mali, I. Pienaar, me. H. Malan, Z. Homveld, N. Jacobs
Tweede ry: J-L. Gerber, I. Vorster, L. Pienaar, K. Swartz

0.16 A



Eerste ry: J.L. Arnolds, M. Sitaubi, E. Viljoen, me. S. van Wyk, L. Marais, A. Mahona, A. Botha
Tweede ry: J. Bester, J. Muller, C. Mali, J. Shannon, Q. Frolick, A. Reid, A. Jacobs

0.15 A



Eerste ry: T Grootboom, me. J. Siebrits, L. Bokbaard, V. Meshilinie, me. C. Coetzee, D. Meyer
Tweede ry: M. Beukman, L. Saku, O. Jafhta, C. Maarman

0.15 B



Eerste ry: E. Solomons, me. J. Siebrits, L. Kayi, M. Beukman, me. C. Coetzee, E. Golaith
Tweede ry: Z. Campher, K. Lewis, A. Smith










Cradock High Schoo
HOME
PERIOD

















’N JAAR VAN MEDALJES, MYLPALE EN GROEI

Die Raptors Martial Arts Club het in 2025 ’n jaar van groei, harde werk en merkwaardige prestasies beleef.

> **ONS KYK MET TROTS TERUG OP HOOGTEPUNTE EN MYLPALE WAT ELKE LID SE TOEWYDING EN UITHOUVERMOË WEERSPIEËL.**

Die jaar het sterk begin met die grondwerkgradering op 25 Januarie, waar vier lede – Renaldo van der Westhuizen, Reaglin Maarman, Jean van Wyngaard en Gert Theron – suksesvol na die grys sleeve gegradeer het. Hierdie gradering, wat fokus op Jiu-Jitsu en Grappling, is ’n belangrike fondament vir elke vegter se ontwikkeling.

Op 10 Mei het die Raptors aan die MASA Oos-Kaap Provinsiale Kampioenskappe deelgeneem, waar verskeie medaljewenners gekroon is. Hierdie prestasies het hulle die kans besorg om die Oos-Kaap te verteenwoordig by die Nasionale MASA Kampioenskappe wat op 14 en 15 Junie in Pretoria aangebied is. Tussen 629 deelnemers van regoor Suid-Afrika, het die Raptors se vegters hul plek met trots volgestaan.

Renaldo van der Westhuizen, Reaglin Maarman en Jean van Wyngaard het almal medaljes ingepalm en is verder gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig as deel van die Kickboxing Organisation of SA – ’n besondere eer vir enige jong vegter.



Die jaar het nóg ’n hoogtepunt beleef toe Jean van Wyngaard in Oktober na Sheffield, Engeland, vertrek het vir die WKA Wêreldkampioenskappe. Hy het vir Span SA meegeding, wat uiteindelik ’n vierde plek behaal het. Jean self het met puik uitslae teruggekeer, met ’n 4de en 5de plek in sy items, en het daarmee sy Suid-Afrikaanse kleure op die internasionale verhoog bevestig.

2025 was vir die Raptors ’n ware bewys dat toewyding, spanwerk en karakter altyd beloon word. Die klub sien met trots terug — en nóg meer uit na wat volgende wag.



Jean van Wyngaard verteenwoordig Suid-Afrika by die WKA-Wêreldkampioenskappe in Sheffield, Engeland.



’N SEISOEN VAN VASBYT, GROEI EN ONTWIKKELING



Die 2025-rugbyseisoen was vir Hoër Volkskool ’n jaar waarin spelers hul karakter getoon het en uitdagings met vasberadenheid hanteer het.

> **“DIE SEISOEN HET WEER EENS BEWYS DAT HARDE WERK, SPANPOGING EN DEURSETTINGSVERMOË DIE SLEUTEL TOT SUKSES OP EN AF DIE VELD IS.”**

Die Eerstespan het deur die jaar sterk vertoon teen sterk teenstanders. Alhoewel daar tye was waarin nederlae hulle pad gekruis het, het die spelers elke keer opgestaan, geleer en sterker teruggekom—die soort uitdagings wat spelers vorm en hul karakter bou.
Die hoogtepunt van die jaar was ongetwyfeld die Interskole-stryd, waar Volkskool met ’n indrukwekkende 21–10 geseëvier het.

Die eerstespan se gemiddelde telling was vanjaar 30 punte teenoor 18 wat teen hulle aangeteken is.
Die span het altesaam 70 drieë aangeteken en slegs 40 drieë is teen hulle aangeteken. Volkskool is voorwaar trots op hierdie span se suksesvolle jaar!

Die Tweedespan het die seisoen met groot deursettingsvermoë aangepak. Onder leiding van kaptein Ivaan Jaftha en onderkaptein Caleb Jantjies het die spelers week ná week hul beste gegee, dikwels met net vyftien spelers en sonder plaasvervangers.

Martyn van der Walt het uitgestaan met die meeste drieë onder die voorspelers, terwyl Ivaan Jaftha die meeste drieë as agterspeler aangeteken het.
’n Hoogtepunt was die oorwinning teen Gill Kollege met 22–17, ’n wedstryd wat lank onthou sal word.



Die o.16’s het die jaar met ’n stadige begin aangepak, met beserings wat die groep vroeër in die seisoen gekortwiek het. Tog het elke speler, veral in die derde kwartaal, hard gewerk en drie goeie oorwinnings behaal.
Alhoewel hulle Interskole verloor het, het die span uitstekende sportmangees en karakter getoon.
Hulle neem waardevolle ervaring saam na 2026.

Die o.15A-span het ’n uitmuntende seisoen beleef.
Uit dertien wedstryde is elf gewen—’n merkwaardige prestasie. Die span se enigste twee nederlae was teen sterk teenstanders: Hoërskool Oudtshoorn en Marlow.
Die hoogtepunt van die jaar was hul indrukwekkende 48–8 oorwinning teen Union High tydens Interskole, ’n vertoning van dissipline, spanwerk en verdediging.

Die o.14A’s het ’n vol en mededingende seisoen gehad waarin hulle van wedstryd tot wedstryd verbeter het.
’n Groot hoogtepunt was die oorwinning teen Kingswood College van Makhanda, asook die gelykop-uitslag teen Union High tydens Interskole.
Jarrod Gerber en Drian Gildenhuys het uitgestaan met die meeste drieë, terwyl Drian as kaptein die span deur die seisoen gelei het.

’n Groot dankie aan elke speler, ouer, afrigter en ondersteuner wat deel was van die 2025-rugbyjaar.
Van die oudste span tot die jongste seuns het ons spelers gewys wat dit beteken om vir Volkskool te speel—met gees, moed en volharding.

> **“MAG DIE ERVARING VAN HIERDIE SEISOEN ELKE GROEP DRA NA 2026 EN VERDER.”**



Bladsye geborg deur: E Consult W van der Vyfer, Europcar, Fourie Vervoer

RUGBY Eerstespan



Eerste ry: C. Niemand, R. Barnard, mnr. J. van Schalkwyk, H. van der Merwe , J. du Toit, mnr. B. Pretorius, L. Borcherds, B.L. Jooste
Tweede ry: R. Afrika, L. Wolfaardt, A. Thiart, C. Jacobs, D. Serfontein, I. Jacobs, D. Japhta
Derde ry: C. Bekker, S. Naudé

Eerstespan Oefengroep



Eerste ry: L. Wolfaardt, J. Jansen, R. Afrika, L. Borcherds, J. Groenewald, H. van der Merwe (kaptein) J. du Toit, M. van der Merwe, C. Bekker, C. Niemand, W. Jafta, M.Z. Janse van Vuuren.
Tweede ry: I. Jacobs, M. van der Walt, H. Klaasen, D. Serfontein, B.L. Jooste, Ryan Barnard, C. Jantjies, S. Naudé, I. Jaftha, R. van der Ahee, C. Jacobs, A. Thiart, D. Japhta.

Tweedespan



Eerste ry: D. Maarman, A. Ceaser, R. van der Ahee, mnr. R. Torlage, C. Jantjies, W. Jafta, J. Jansen
Tweede ry: S. Jafhta, P. le Roux, M. Janse van Vuuren, W. van Antwerpen, M. Meyer, I. Jaftha, H. Klaasen, M. van der Walt, B. Vers, U. Lamont
Derde ry: Y. Kiewiets, M. van der Merwe, J. Coetzer, J. Groenewald, V. Beukes

0.16 A



Eerste ry: A. Basterman, C. Bezuidenhout, R. Terblanche, mnr. R. Meiring, S. Japhta, E.Jacobs, E. Joubert.
Tweede ry: D. Japtha, J. Nel, D. Deysel, C. Stevens, W. Lötter, G. Theron, S. Ferendale, D. Goliath, V. Pienaar, J. Mdudumani.
Derde ry: C. Swartz, J-H Lategan, C. Swiegers, J. Theron, D. Matayi.

0.15 A



Eerste ry: K. Jakobs, G. Marais, A.W. Lambrechts, mnr. T. van Zyl, C. Viljoen, A. Nell, K. de Pearce.
Tweede ry: C. Stevens, J. Stroebel, P. Ehlers, T. Erasmus, T. Lodewyk, D. Nel, H. Erasmus, A. Slabbert.
Derde ry: D. Erasmus, A. van der Merwe, L. Rademan, J. Viljoen.

0.14 A



Eerste ry: J. Pieterse, M. Katchu, D. Gildenhuys, mnr. R. Stroebel, M. van der Ahee, G. Vrolik, Z. April.
Tweede ry: J. Gerber, J. Davids, W. Nolte, Z. van der Walt, S. Marais, C. Nel, E. Baartman, M. Booysen.
Derde ry: S. van Heerden, A. Damons, K. Deysel.



Skaakprogram toon KRAG EN TOEWYDING

SKAAK



Eerste ry: L. Meshilinie, mnr. P. Kleynhans, K. Holster
Tweede ry: H. Olivier, M. Maarman, M. Mostert

Sewe spelers is gekies om in die Sarah Baartman-distrikspan deel te neem, wat 'n uitmuntende skaakjaar bekroon. Die spelers was Kesia Holster, Jaques Serfontein, Michyle Mostert, Handru Olivier, Valentino September, Michael Maarman en Layton Mishilinie.

Om hierdie indrukwekkende prestasies te kroon, tree ons span ook vanjaar as wenners uit die stryd teen Union High se eerste skaakspanne. Die wedstryd was naelskraap tot die einde toe, maar dit was Handru Olivier wat die beslissende punt behaal het.
Ons wen dus die Interskole met 'n telling van 15 - 13.



"MET 'N GROEP YWERIGE EN TALENTVOLLE SPELERS KAN DIE SKAAKPROGRAM VAN HIER AF NET STERKER EN BETER WORD. DIE TOEWYDING EN PASSIE VAN HIERDIE SPELERS WYS DAT DIE PROGRAM 'N BLINK TOEKOMS HET."

Bladsye geborg deur: GBG, Grassie Staal, GRT Hardeware

Volkskool Swem: 70

'N JAAR VAN UITSONDERLIKE PRESTASIE

SWEM



Eerste ry: D. de Lange, S-L. Jansen, L. Goltz, me. C Coetzee, K. Kruger, C. de Wet, me. S. van Wyk, S. Viljoen, H. Pearson, M. Nell.
Tweede ry: S. van Eeden, K. Swiegers, M. van der Ahee, Z van der Walt, L. Bouwer, E-M. Gradwell, K. Keyser, R. van der Ahee, A. Thiart, L. Vosloo, C. Nel, C. van Tonder, U. Groenewald.
Derde ry: F. de Klerk, E. Viljoen, J. Viljoen, R-H. van Eeden, C. Conradie, R. Terblanche, H. van der Merwe, A. Lambrechts.

2025 was 'n baie goeie jaar vir Hoër Volkskool se swemmers. Die skool se swemseisoen het afgeskop in ons eie swembad met die Kleuregala. Kate-Lynn Kruger het aan ses items deelgeneem en daarin geslaag om in vyf daarvan die rekord te verbeter. Sy en Charl Conradie is onderskeidelik as die Victrix en Victor Ludorum aangewys.

Daarna het die Interskolegala gevolg, wat by Union High aangebied is. Dit was 'n middag-/aandgala en Volkskool het vir groot opwinding gesorg. Kate-Lynn het aan ses items deelgeneem en daarin geslaag om ál ses rekords te verbeter. Sy word dan ook met reg aangewys as die Victrix Ludorum by hierdie gala. Die o.19-seunsaflosspan het water in hul teenstanders se oë geskop met 'n uitmuntende vertoning deur die wedloop in 'n sterk eerste plek te voltooi.



Hoër Volkskool het ook die Karoogala aangebied, waar Kate-Lynn vir twee nuwe rekords gesorg het. Sy is vir die derde opeenvolgende keer as Victrix Ludorum in ons liga aangewys. AW Lambrechts deel die Victor Ludorum-beker met Ben Lemke van Union High School.

Chris de Wet en Charl Conradie het albei vir die Vlak 2-gala's gekwalifiseer, waar hulle baie goed gevaar het. Kate-Lynn kwalifiseer vir die Vlak 3-gala, asook vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Juniorgala. Sy behaal by hierdie gala 'n brons medalje in die 200 m-borsslag. By die NMBA End of Season-prysuitdeling in Gqeberha word Chris aangewys as die Toppresteerder in die o.17-seunsafdeling, en Kate-Lynn wen die Joy Kennelly-trofee vir die Beste Vroue 200 m-borsslag by die Oos-Kaap Kampioenskappe.

> **"ONS IS BAIE TROTS OP ONS SWEMMERS!"**

Bladsye geborg deur: HI Q, Kamdeboo Supermeat, Karoo Ford



Spanpoging en Prestasie
OP DIE TENNISBAAN

Die tennisafrigter, Tiaan Mostert, het vanjaar die geleentheid gehad om 18 seuns en 18 dogters se tennisvaardighede te ontwikkel

Chenoa Jeffrey het die Oos-Kaap span by twee geleenthede in die Synergy Cup-toernooi verteenwoordig en dié span het goed gevaar, terwyl Hané Olivier die Sarah Baartman span in 'n streekstoernooi verteenwoordig het.Twee seuns- en dogterspan het deelgeneem aan die Graaff_reinet Somerliga.
Ons tennisspanne het ook vanjaar met die volgende skoolspanne kragte gemeet: Middelburg, Cradock, Nico Malan en Kirkwood.

Tydens die jaarlikse interskole kon Union High slegs twee seunspanne en Hoër Volkskool slegs twee dogterspanne voorsien. Die eerste seunspan het hul wedstryde oortuigend gewen terwyl die tweede span naelskraap verloor het. Union se talentvolle dogterspanne het oortuigende oorwinnings oor die spanne van Volkskool behaal.



Vier seuns en vier dogters het Hoër Volkskool by die Swellendam Superspar Tennistoernooi verteenwoordig. 'n Unieke formaat is gevolg en Louwen Wolfaardt het al sy wedstryde as nommer 1 speler gewen, maar op punte naelskraap in die tweede plek geëindig. AW Lambrechts het ook goed vertoon en is aangewys as die beste nommer 4 speler van die toernooi.

Enkele spelers het ingeskryf vir die Oos-Kaap tennisproewe en Hoër Volkskool sien daarna uit om weer spelers in hierdie spanne te hê.



Bladsye geborg deur: Karoo Melamine, Merino Apteek, Mesh Steel

Eerste Trudé Muller TENNISTOERNOOI



Hoër Volkskool se span saam Trudé Muller. Van Links af: A.W. Lambrechts, Zanri Groenewald, Trudé Muller, Jani van der Merwe, Louwen Wolfaart



Hoërskool Cradock A-span wat die Trudé Muller Trofee gewen het.

In 2024 is die eerste Trudé Muller Tennistoernooi aangebied. Trudé Muller was vir etlike jare 'n geliefde onderwyseres by Hoër Volkskool

Behalwe vir haar vak, Engels, was tennis haar passie. Selfs as 80+-jarige het sy die SA Veterane-span tydens internasionale toernooie verteenwoordig, onder meer in Kroasië, Oostenryk en Majorka, en sy was tot onlangs 'n gedugte teenstander in die Graaff-Reinet-liga.

Tydens die toernooi, wat op 11 en 12 Oktober plaasgevind het, was mev. Trudé Muller 'n getroue ondersteuner. Al was dit 'n nederige begin, was die skool bevoorreg om gasheer te wees vir die twee spanne van Hoërskool Cradock en Grey/Collegiate, asook Trio wat al die pad van Kroonstad gereis het.

Die talentvolle A-span van Hoërskool Cradock was waardige wenners van hierdie eerste toernooi. As gevolg van botsende belange, insluitend eksamenvoorbereiding, kon die 2025-toernooi ongelukkig nie plaasvind nie.

> **"BEPLANNING IS EGTER REEDS AAN DIE GANG VIR 'N OPWINDENDE TOERNOOI IN 2026."**

TENNIS Eerste span



Eerste ry: S. Viljoen, mnr. T. Mostert, R-H. van Eeden, C. Nel, mev. I. Nel, L. Wolfaardt.
Tweede ry: H. Olivier, A. Louw, S. van Eeden, C. Jeffrey, C. Viljoen, J. Bester.
Derde ry: J. de Lange, A. Lambrechts, K. Keyser.

Tweede span



Eerste ry: H. Olivier, C. van Tonder, mnr. T. Mostert, J. Steynberg, H. Pearson, mnr. R. Torlage, K. Swiegers, Z. Homveld.
Tweede ry: C. Nel, D. Nel, A. van der Merwe, R. Terblanche, J. Viljoen, L. Goltz.

Beginners



A.Loff, K. Mahona, mnr T. Mostert, K. Holster, R. Bell.







'n Blad vol KAMPIOENE



Eerste ry: C. Jeffrey (tennis), M. Enslin (landsdiens, redenaars, boogskiet), J. van Wyngaard (gemengde gevegkuns), T. Fourie (ruiterkuns), R. van der Westhuizen (gemengde gevegkuns), K. van Rooyen (boogskiet), H. Olivier (tennis).
Tweede ry: A. Louw (hokkie), M. Fourie (ruiterkuns), D. de Koker (boogskiet), P. Ehlers (ruiterkuns), C. Kleyn (boogskiet), U. Groenewald (hokkie), M. Prinsloo (redenaars).
Derde ry: J. Read (boogskiet), C. de Wet (swem), C. Conradie (swem), R-H. van Eeden (tweekamp), A. Lambrechts (atletiek), L. Rademan (landsdiens).

Afwesig: K. Kruger (swem), R. Maarman (gemengde gevegkuns).

Bladsye geborg deur: Profcon Resort, Slater & Dutch, Slimboer

78

Die somtotaal
VAN VOLKSIE-WEES



Interskole 2025 was weereens ‘n bewys hoe waardevol sport, kultuur en samesyn vir ’n gemeenskap kan wees. Wen en verloor bly deel van die spel, maar ‘n Interskole soos ons sin bied leerders die gulde geleentheid om karakter te bou, vriendskappe te vorm en die waardes wat die lewe aanvul te leer. Dit wat hiér gebeur is groter as enige wedstryd. Kinders ontdek dat saamstaan, respek en met waardigheid deelneem meer belangrik as die telling op die telbord is.

> **“INTERSKOLE IS GEVUL MET OOMBLIKKE WAAR BALANS UIT BALANSEER, ONS ONS EIE GROEI KAN MEET EN UITEINDELIK DIE SOMTOTAAL VAN VOLKSIE-WEES OPNUUT BESEF!”**

Juffrou Malan het die leerders motiveer om te speel om te wen, maar ook so moet speel dat wanneer die dag verby is, hulle weet hulle het hulle alles gegee – vir God, vir die span en vir die trots van hul skool. Vanjaar se Gees, Herman van Heerden vanuit die 1975 matriekgroep, het waarlik die gees van Volkskool herleef en almal inspireer met die besef dat die Volksie-hartklop een is wat al baie generasies klop. Die Reünie funksie het weereens gesorg vir ’n aand van vreugde, stories deel, saam-lag, en Volkskool soos ’n ware tuiskoms onder die Karoo se wolkombers laat voel vir elke trotse oudskolier.



Vanjaar se Interskole sal vir lank in Volkskool se geheue voortleef, nie net vir die seges nie, maar vir mense, die samesyn en die gees wat ons skole verbind. Van die saal tot op die veld het leerders alles gegee. Die skaakspelers het met ywer en strategie die bord aangevat en vir Volkskool ’n oorwinning van drie-en-veertig teen drie-en-dertig beklink. Tydens die kultuuraand het Mikha Enslin, gr. 11, tweede plek met redenaars behaal en skole trots beklemtoon, terwyl Anna-May Hayes, gr. 12, met haar motiverende wen toespraak grense gebreek het en brûe binne die gemeenskap gebou het. Die vasvrae was intens – die spanning tasbaar, en het ons met net twee punte verloor. Op die tennisbane het ons spelers alles gegee en was die dag vol opwinding en strawwe kompetisie. Vir die eerste keer het landloop deel van Interskole geword, en ons seuns het die eerste ses plekke losgeloop, terwyl die meisies pragtig gevaar het en plekke twee, drie en vier ingeneem het.

Die Saterdag self het oudergewoonte gesorg vir gesonde intensiteit en opwinding. Van die hoogtepunte op die rugbyvelde sluit in die o.14A’s wat gelykop 3–3 gespeel, waar geen span wou toegee nie, o.15A wat met ’n oortuigende 48–8 telling wen, en natuurlik die eerstespan met hul spannende 21–10 oorwinnig.
Elke wedstryd was ’n toonbeeld van vasberadenheid, veggees en spanwerk. Die hokkiespelers het ook hulle alles gegee en die fondasie gelê vir toekomstige prestasies.
Die gees van saamstaan en deursettingsvermoë was duidelik sigbaar in elke hou en keer van die bal.



Die somtotaal
VAN VOLKSIE-WEES

Die Saterdag-aand het Volkskool Interskole 2025 in ware Karoo-styl afgesluit met die Volksie Fees – 'n regte langarmkuier vol musiek, dans en lag. Onder die Karoo-son het jonk en oud saam gekuier, die dansvloer het gekook en die gees van saamwees en feesviering het oor die hele saal gespat. Van die jongste leerling tot die oudskoliere het almal die aand ten volle geniet.
Hierdie gevoel – dié van saamstaan, saam juig en saam droom – kan jy net ervaar by Interskole.
Mag Interskole 2025 ons herinner dat dit nie net oor die uitslae gaan nie, maar oor die mense, die saamwees, die trots en die herinneringe wat vir altyd by ons sal bly.
Om 'n Volksie te wees by Interskole is 'n ervaring en voorreg – een wat jy kan voel, moet ervaar en nooit sal vergeet nie.

Katinka Louw
Bemarker



























Inters Maroon









skole: n blog










Inters
Maroen
DROSTDY TOYOTA
Pet Nutrition
ewendehawe
13


kole:
n Mag
TYREMART

’n Jaar van
TAAL, KULTUUR EN DIENS



Eerste ry: V. Meyer, me. S. Gildenhuys, M. Nel, J. Calitz, me. H. Prinsloo, V. Meyer
Tweede ry: B. Swart, L. Vosloo, A. Kleynhans

Die ATKV kyk terug op ’n lekker en geseënde jaar. Ons het die jaar afgeskop met ’n avontuurlustige oorslaap by die skool, waar ons die beplanning vir die jaar gedoen het. Oom Trompie het vir ons gebraai, en die skool se spook is ook gesoek – ’n nag vol pret en avontuur! Einde Januarie het Oom Jaco Spies by ons kom kuier, en ons Algemene Jaarvergadering het in die Biblioteek plaasgevind.

Ons ouetehuis-uitreik, onder leiding van Juffrou Prinsloo en haar Drama-leerders, het as ’n deurlopende projek regdeur die jaar geloop en het in die eerste kwartaal afgeskop. Die Biblioteek is amptelik ingewy met die opening van ons nuwe koffiemasjien en was deurlopend oop op Dinsdae en Donderdae tweede pouse, waar leerders heerlike filterkoffie kon geniet en in ’n mooi studeer- en leesomgewing kon ontspan. In Februarie het ons Nasionale Melktertdag gevier (27 Februarie), waar fantastiese melktertkollewyntjies verkoop is.

Tydens die tweede kwartaal van 2025 het ons ons hulp verleen by Afrikaans is GROOT – 100 Jaar Vieringe, met logistieke reëlings en die begeleiding van klein leerdertjies wat opgetree het.

Ons het ook ’n baie spesiale “Klippie-projek” in samewerking met die Landsdiens gedoen, waar Bybelversies op klippies geskryf en op verskeie plekke in die dorp afgelaai is, met die hoop om mense op te kikker en hoop te bring deur die Woord van God. Jozelle Calitz is afgevaardig om die ATKV Kultuurkuier van 13 tot 15 Mei 2025 in Goudini by te woon, wat sy baie geniet het.

In die derde kwartaal het ons by die ATKV Beroepsaand gehelp en ’n bietjie in die pragtige natuur gaan stap om gesondheidsbewustheid en respek vir ons omgewing te bevorder. Ons het ook Wêreldbriefskryfdag gevier, wat leerders die kans gegee het om kreatief en doelgerig met briewe hul taalvaardigheid en waardering vir ander te ontwikkel.

In die vierde kwartaal het ons beplan om deel te neem aan die Colour Run om Kankerbewustheid te ondersteun. Alhoewel die Sip & Paint-oggend nie plaasgevind het nie, het die leerders steeds geleenthede gekry om aktief betrokke te wees en by te dra tot betekenisvolle projekte.

> **“ONS KYK DANKBAAR TERUG OP 2025 EN SIEN UIT NA NUWE PLANNE EN IDEES VIR 2026, WAAR ONS STEEDS ’N VERSKIL KAN MAAK DEUR ONS TAAL EN KULTUUR TE VERSTERK EN UIT TE BREI.”**

Bladsye geborg deur: SPAR, Steers, Supa Quick




VAN DE GRAAFF


GIDEON SCHEEPERS MONUMENT & TRAIL







Wanneer Gee
'N VERSKIL MAAK



BLOEDSKENK

Eerste ry: Z. Homveld, L. van der Mescht, mnr. P. Kleynhans, C. Nel, M. Enslin
Tweede ry: M. Jv Rensburg, L. Vosloo, I.L. Ferreira

Vanjaar het 'n span van agt gedrewe en toegewyde graad 11-meisies die bloedskenkprojek by die skool behartig. Met minder as 1% van Suid-Afrikaners wat bloed skenk, het hulle hard gewerk om seker te maak dat ons skool se bydrae wérklik tel en 'n verskil maak in iemand se lewe wanneer bloed in 'n noodgeval dringend nodig is.



> **"DAAR IS EEN KEER PER KWARTAAL BLOED GESKENK, EN ELKE KEER HET MINSTENS 50 LEERDERS HUL HAND OPGESTEEK OM HIERDIE LEWENSBELANGRIKE INISIATIEF TE ONDERSTEUN."**

As waardering vir hul volgehoue diens en leierskap het SANBS die portuurleiers aan die einde van die jaar bederf met 'n heerlike ete en 'n prysuitdeling — 'n spesiale geleentheid waar hul harde werk regverdig beloon is.





Bladsye geborg deur: Tyre Mart, Van Wyk Theron, Suzuki

Volkskool se debatspan

WYS HUL STAAL



Eerste ry: G. Hall, me. S. Vorster, C. Nel
Tweede ry: S. Viljoen, C. de Wet

Die debat bied vir leerders 'n unieke geleentheid om hul argumente te slyp, respekvol te luister, hul standpunte met selfvertroue te verdedig en krities te dink. Deur deel te wees van die debatspan leer hulle om helder en oortuigend te praat, om tussen feite en menings te onderskei, en om hul redes met bewyse te staaf.

Vanjaar het twee spanne van Hoër Volkskool aan die ATKV-proewe deelgeneem. Die eerste span het bestaan uit Chris de Wet en Saré Viljoen, terwyl Cara Nel en Gaby Hall die tweede span gevorm het. Hul afrigter was me. Suzaene Vorster.

Die tema vir 2025 was: "Die afskaling van gedrukte media is geregverdig / is nie geregverdig nie." Albei spanne het aan drie debatsrondes deelgeneem en al drie gewen — 'n besonderse prestasie. Beide spanne het uiteindelik 'n derde plek in hul onderskeie groepe behaal. Baie geluk aan ons debateerders!

> **"DIE DEBATSPAN BIED PLEK VIR JUNIORS ÉN SENIORS OM HUL MAN TE STAAN. OF JY NOU 'N ERVARE SPREKER IS OF PAS BEGIN, DAAR IS 'N RUIMTE WAAR JY KAN GROEI, ONTDEK EN JOU STEM KAN VIND."**

Kom sluit aan en beleef hoe jou woorde krag kry. Word deel van die Hoër Volkskool-debatspan — ontwikkel as 'n spreker, 'n denker en 'n leier. Die toekoms wag op jou... laat jou stem gehoor word!

Bladsye geborg deur: Bluekap, Dentist@Health, Drostdy Toyota

Kreatiwiteit wat die verhoog VOL MAAK



Eerste ry: H. Lambrechts, I. Vorster, J. van Wyngaard
Tweede ry: A. Kleynhans, me. H. Prinsloo, M. Prinsloo

DRAMA

2025 het afgeskop met ons Afrikaans is 100-fees, waar die dramaleerders as aankondigers opgetree het om die skole se dansgroepe bekend te stel. Dit is op 'n innoverende wyse gedoen deur middel van samespel, storievertelling en 'n paar gedigte.

Gedurende die jaar het die dramaleerders hul gedigte ook by die inwoners van Huis van der Graaff opgevoer, en sodoende taal en kultuur op 'n betekenisvolle manier gedeel.

Hierdie jaar se drama-aanbieding was 'n samevoeging van weerstandsteater, met temas soos plaasmoorde, aborsie, ouerdruk en boelies. Die eerste optrede in ons eie skoolsaal was 'n groot sukses en het die toon vir die jaar gesetel.

Die eerste kompetisie was die Logan-fees, waar Mia Prinsloo 'n silwertoekenning ontvang het vir haar spel. Daarna het die groep aan die ATKV-kompetisie deelgeneem, waar toekennings gegee is aan die spelers, die verhoogbestuurder, en vir klank en beligting.

By die Karoo Skoletoneel is Mia Prinsloo aangewys as die tweede beste speler van die fees, en die groep is beloon met goud.

> **"BY DIE KAROO KULTUURFEES HET AL DIE SPELERS SILWERTOEKENNINGS ONTVANG, WAT HUL TALENT EN HARDE WERK VERDER BEVESTIG."**

2025 was dus 'n jaar van kreatiwiteit, toewyding en indrukwekkende prestasies vir ons dramaleerders – 'n ware viering van taal, kultuur en die kunste.

Bladsye geborg deur: E Consult W van der Vyfer, Europcar, Fouries Vervoer






GTI

DIT IS GENDER VIR NOU

STOP
#PLAASMOORDE











Die Stil Krag agter
ELKE GELEENTHEID



Die klankspan lewer elke jaar voortreflike diens aan die skool – en soms selfs aan die gemeenskap. 2025 was geen uitsondering nie.

Met elke saalopening, sokkie en sportgeleentheid was hulle getrou aan diens en het hulle sorg gedra dat almal gehoor kan word en dat die regte atmosfeer met musiek geskep word.

Baie ure is ook ingesit vir die oefeninge van die "Afrikaans is 100"-konsert, en hulle het net so toegewy gehelp met die oefeninge en uiteindelike opvoering van Let's Play se kleuterskoolkonsert.

Die span het bestaan uit:
Tiaan Fourie, Luandre Rademan, Daniël Nel en Hugo Lambrechts.

Dankie dat julle die klank van Volkskool altyd helder en professioneel laat klink.



Bladsye geborg deur: GBG, Grassie Staal, GRT Hardeware

Waar diens, waardes en VRIENDSKAP ONTMOET



Eerste ry: L. Roman, M. van der Walt, L. Rademan, me. C. Coetzee, R. Kleyn, L. du Toit, J. Bester
Tweede ry: M. Enslin, L. Lategan, D. de Koker, I.L. Ferreira, L. Marais, M. Nel
Derde ry: C. Kleyn, T. Fourie, E. Viljoen

Die Landsdiens maak voorsiening vir vier liefdes, naamlik: Liefde vir God, arbeid, medemens en die natuur. Hierdie is die pilare waarop die werk van die Landsdiens gebou word. Dit is ook hierdie waardes waarna Hoër Volkskool streef om sterk te hou.

Die Landsdiens het 2025 afgeskop met ‘n kamp in Hartenbos waar die Diaz museum en Diaz Waterpark besoek is. Daar is darem nie net in die see geswem nie, maar tyd is ook afgestaan om die strand skoon te maak. Saans is daar gebraai en speletjies gespeel.

Drie van ons lede het die Provinsiale kamp in Burgersdorp bygewoon. Die aktiwiteite het Murder Mystery, selfverdediging, handvaardigheid, ‘n besoek aan die Gariepdam se damwal, elektriese stasie en dan ook ‘n veerbootrit ingesluit.

Die kamp het lede in staat gestel om nuwe vriende te gesprekke gewen. Beide spanne eindig derde in hul onderskeie groepe. Baie geluk aan ons debateerders.

Daar is ‘n afdeling vir juniors en seniors om hul man te staan. Of jy nou 'n ervare debatspreker is of net nuut begin, daar is 'n plek vir jou in die skooldebat span. Kom sluit aan en ontdek die krag van jou stem. Saam kan ons 'n verskil maak, nie net in ons skool nie, maar in die wêreld om ons.Word deel van die skooldebat span en sien jouself groei as 'n spreker, 'n denker, en 'n leier. Die toekoms wag op jou - laat jou stem gehoor word!

Bladsye geborg deur: HI Q, Kamdeboo Supermeat, Karoo Ford










Do not lose hope in
times of trouble, for God
is working in the un
Romans 5:3-5


Love U & Life
L+M









’n Jaar van UITBLINKENDE PRESTASIE

REDENAARS



Eerste ry: A.M. Hayes, me. H. Malan, M. Enslin
Tweede ry: L. du Toit, H. Pearson

Die redenaars het vanjaar nie op hul hande gesit nie en het onder leiding van mnr. Pieter Pienaar aan verskeie nasionale kompetisies deelgeneem.

Die jaar het afgeskop met die ATKV Redenaarskompetisie, waar sewe deelnemers aan die eerste rondte deelgeneem het. Mikha Enslin (gr.11), Hestri Pearson (gr.9), Drian Gildenhuys (gr.8) en Pieter Fourie (gr.8) het deurgedring na die semi-finaal. Drian Gildenhuys het in die tweede plek geëindig en ongelukkig die finaal gemis – ’n aansporing om volgende jaar die stryd voort te sit en die skool se vlag by die nasionale finaal te laat wapper.

Volgende op die program was ’n interskole redenaarskompetisie teen Hoër Landbouskool Marlow, waar Mikha Enslin (gr.11) en Mia Prinsloo (gr.10) onderskeidelik eerste en tweede in die senior afdeling behaal het. Pieter Fourie (gr.8) en Hestri Pearson (gr.9) seëvier in die eerste en tweede plek in die junior afdeling.

Daarna het die spanne vir die eerste keer aan die NouPraatJy spanredenaarskompetisie deelgeneem, aangebied deur Curro Durbanville. Mikha Enslin (gr.11) en Mia Prinsloo (gr.10) het hul staal gaan wys in die Kaap en met trots die algehele tweede plek behaal. Hierdie prestasie is ’n aansporing vir almal om volgende jaar weer deel te neem.

Die eie interskole was vanjaar ’n hoogtepunt met ’n aangepaste formaat: sprekers moes ’n onderwerp trek en toesprake voorberei vanuit die oogpunt van ’n Karookind wat op die platteland skoolgaan. Die junior sprekers was Lisa du Toit (gr.8) en Hestri Pearson (gr.9), terwyl die senior span bestaan het uit Anna-May Hayes (gr.12) en Mikha Enslin (gr.11). Hulle het onderskeidelik eerste en tweede gekom. ’n Groot hoogtepunt vir Anna-May Hayes, wat vanjaar die skool verlaat om die grootmenswêreld te betree. Ons wens haar alle voorspoed toe met haar studies en toekoms.

Die laaste nasionale kompetisie van 2025 was PodiumPret. Na sukses in 2024 was die druk groot, maar die redenaars het geskitter met ses sprekers in die nasionale finaal. Twee nasionale graadwenners is aangewys: Pieter Fourie (gr.8) as nasionale graadwenner vir Graad 8, en Mikha Enslin (gr.11) met ’n volmaakte finale punt van 100% as nasionale graadwenner vir Graad 11. Drian Gildenhuys (gr.8) behaal die nasionale derde plek. Pieter en Mikha se name word op ’n plaatjie in die tuin van die Taalmonument aangebring, saam met die 2024-wenner Adriaan Blignaut (Gr.12).

Met sulke sprekers kan ons nie anders as om met groot opgewondenheid na die 2026-seisoen uit te sien nie!






PADSTA
PUMA


EXIT




Rede
WELKOM


RAAT JY!


EXIT

Vasvraspan Bewys
HUL KUNDIGHEID



Van Links af: Zenobia Homveld, Rikus Kleyn, Gaby Hall, Mia Prinsloo

Volkskool se Vasvraspan het vanjaar met trots en deursettingsvermoë aan die Interskole Vasvra deelgeneem. Ten spyte van 'n paar uitdagings met die vertaling van sekere vrae, het die span gefokus gebly en puik saamgewerk.

Aan die einde van die aand het Union met 'n klein voorsprong geseëvier, maar ons trots op ons span is onmiskenbaar. Rikus Kleyn, Gabby Hall, Zenobia Homveld en Mia Prinsloo het Volkskool waardig verteenwoordig en hul kennis, kalmte en karakter duidelik laat blyk.



Bladsye geborg deur: Karoo Melamine, Merino Apteek, Mesh Steel

'n Jaar Geanker
IN GOD SE LIEFDE



VCSV

Eerste ry: C. Nel, S. Viljoen, me. E. Coetzee, R. Kleyn, M. Enslin
Tweede ry: L. Vosloo, K. Keyser, T. Fourie, A Thiart
Derde ry: L. Borcherds, H. van der Merwe

Die VCSV het hierdie jaar 'n vol kalender met baie hoogtepunte gehad, en ons wil eerstens die Here dank vir Sy liefde, genade en seën deur die jaar.

Valentynsdag het oor die jare 'n groot hoogtepunt op baie besighede se kalender geword, met verkope wat oor hierdie tydperk die hoogtes inskiet. Die groot rede is dat mense hul liefde vir mekaar bevestig met 'n geskenkie. Liefde word so baie keer verkeerdelik gedraai na wat ek uit 'n verhouding ontvang of gekoop word met materialistiese geskenke. God het vir ons kom wys dat, vóór ons kon kies of kon vra, Hy reeds ons skuld gedra het. Hy het een van die ergste dodes denkbaar gesterf, ten spyte van ons onvermoë om ons liefde vir Hom uit te leef. Hy trek nie onderskeid tussen mense op grond van voorkoms, agtergrond of welvaart nie. Hy slaan ons ook nie met die Bybel oor die kop en dwing ons om Hom te dien nie. Ongeag ons verlede en ons foute het Hy ons lief, en Hy staan met oop arms dat ons Hom in ons lewe sal ontvang.

> **"ONGEAG ONS VERLEDE EN ONS FOUTE, HET HY ONS LIEF EN HY STAAN MET OOP ARMS DAT ONS HOM IN ONS LEWE SAL ONTVANG."**

Ons VCSV-lede is baie dankbaar vir die groot liefde wat ons in Christus ontvang. Vroeg in die jaar het ons besluit om iets van God se liefde met ons gemeenskap in Graaff-Reinet te deel. Op Valentynsdag het ons in Spar ingestap en — op die ritme van Bernice West se Lyfie, wat deur die gange weerklink het — die boodskap van Jesus se liefde oorgedra: *"Die Here het my mooi gemaak..."* Ons is na God se beeld geskape; elkeen is mooi gemaak (God maak nie foute nie). Met 'n huppel in ons stap op die maat van die musiek het ons aan die kliënte in Spar, asook die Spar-personeel, 'n klein soetigheidjie met 'n teksvers uit die Bybel gedeel wat Jesus se groot liefde vir ons almal net weer bevestig.

Die 'Amazing Race' sorg ook altyd vir groot opwinding en haal ons uit ons gemaksone, waar ons VCSV-lede uitgedaag word om nie net die Woord te ontvang nie, maar om só ietsie van diensbaarheid te leer en ook die Woord aan ander te deel. Leerders het 'n uur gehad om soveel as moontlik uitdagings vanuit 'n lys uitdagings te voltooi, en die span wat die meeste kon voltooi, het 'n heerlike prys ontvang. Daar is in die gemeenskap eet- en drinkgoed uitgedeel aan minderbevoorregtes; motors is gewas; skottelgoed gewas; vir instansies en individue gebid; waardering aan ouers en onderwysers gedeel; besighede se vloere gevee; pakkies gehelp dra; en vuilgoed in die strate opgetel — om net 'n paar te noem.

Verskeie geestelike leiers en vriende van die VCSV het ons besoek en die Woord gedeel. Ons sê dankie aan André Brink, Johan Coetzee, ds. Johan Eckard en ds. Cobus Rossouw. Ons was ook bevoorreg om vir Freek Vermaak vir 'n "Geesweek" by ons te hê. Hy het vir ons getuienis vanuit sy eie lewe gedeel, en daarmee saam die Woord van Christus. Ons wil dan ook vir Wian Vos bedank vir sy reëlings i.v.m. Freek Vermaak se besoek.

Ons was ook na een van ons plaaslike ouetehuise, waar ons die boodskap en 'n soetigheidjie gedeel het, en ook lekker saam lofprysing gehou het. Van ons leerders het die bejaardes vermaak met voordrag.

Vier van ons leerders het ook hul Bybelkennis getoets toe hulle deelgeneem het aan die jaarlikse Bybelvasvra-kompetisie.



Die VCSV-kringleiers het elke Dinsdagaand bymekaargekom vir voorbereiding vir hul kringe, en Woensdagaande het die VCSV saam die Here geloof en aanbid deur lofprysing. Daarna het hulle in hul kringe geleentheid gehad om hul ervarings en getuienisse te deel, en ook saam uit die Woord te groei en te leer.

Namens die VCSV van Hoër Volkskool wil ons ook vir al die mense in die gemeenskap bedank wat help om die Woord onder ons jongmense lewendig te hou. Elkeen se boodskap word in ons harte gegraveer, en dra ons saam met ons die wêreld in. Ons wil ook vir tannie Ingrid Boshoff bedank vir haar tyd en opoffering om elke week seker te maak dat die kringleiers toegerus is om hul kringe te lei.

All die eer aan die Koning, Jesus Christus, wat ons skool deur die jaar gedra en gelei het!
Ons daag elkeen wat hier lees uit om te leef met 1 Korintiërs 13:4–7 as riglyn. Mag ons die liefde wat ons van Jesus ontvang, uitdeel in ons skool en breër gemeenskap. Liefde is nie verwaand nie; liefde soek nie sy eie belange nie; liefde is nie liggeraak nie; liefde verdra alles; liefde kyk met sagte oë na ander se foute, in die wete dat niemand foutloos is nie, en help mekaar in liefde.

Mag LIEFDE wen!






And I know it's not much
But I've nothing else fit for a King
Except for a heart singing Hallelujah
Hallelujah
















Volkskool

Gereed
OM TE RED



NOODHULP

Eerste ry: V. Meyer, M. Blom, T. Sylvester, mnr. P. Kleynhans, L. Roman, K. Koopman, V. Meyer
Tweede ry: M. Fourie, M. Beukman, M. van der Walt, L. van der Mescht, L. van Breda, S. Lange
Derde ry: I. Erasmus, K. Kruger, L. Vosloo, E. Dinjana

Aan die begin van die derde kwartaal het 19 leerders 'n vlak 1-noodhulpkursus voltooi — en almal het met lof geslaag. Dit is die grootste groep opgeleide noodhulpers wat ons nog gehad het.

Sedertdien steek hulle keer op keer hul hand op om by tuiswedstryde te help en selfs hier by die skool wanneer daar 'n bietjie pyn, skrik of bloed ter sprake is. Danksy hul opleiding kon hulle vinnig en bekwaam optree, hetsy langs die sportveld of in die klaskamer.



"'N GROEP OM OP TROTS TE WEES!"

100

’n Nuwe Hoofstuk VIR DIE SNOEPIE



Na ’n jare lange tradisie waar die Senior Leerlingraad die skool se snoepie tydens pouses beman het en waardevolle ervaring opgedoen het in aankope, betalings en die hantering van leerders, het die Volksie die stuur oorgeneem.

Met die instelling van ’n nuwe wet in Oos-Kaapse skole moes die Volksie na alternatiewe maniere kyk om fondse in te samel. Die snoepie is nou elke dag vir bepaalde ure oop en bied ’n verskeidenheid lekkernye en heerlike etes tydens pouses en in die middae—’n duidelike verbetering vir die hele skoolgemeenskap.



“ONS WENS HIERDIE NUWE TOEVOEGING ALLE SUKSES TOE VIR DIE TOEKOMS!”





Tydens Afrikaans word 100!





Bladsye geborg deur: Steers, Supa Quick, Tyre Mart

Glans in die Karoo: 'n aand vol sterre

101



Elke tweede jaar bied die Leerlingraad en hul ouers dié spoggeleentheid aan. Vanjaar se funksie is by Botanies aangebied, met die tema "Disney in die Karoo."

Die 20 finaliste het reeds voor die groot aand spesiale tyd saam met die beoordelaars deurgebring om mekaar beter te leer ken. Hulle het perd gery, moordraaisel-speletjies gespeel en by Elsona se fabriek hul eie bakkies versier en gebak — vir baie 'n eerste én onvergeetlike ervaring.



Die glansgeleentheid sal vir lank nog onthou word. Die beoordelaars het 'n baie moeilike taak gehad, en uiteindelik is die wenners soos volg aangekondig:

- Tweede prins en prinses: Hannes van der Merwe en Marlie Nel
- Eerste prins en prinses: Chris de Wet en Saré Viljoen
- Mnr. en Mej. HVS: Rikus Kleyn en Carla van Tonder

'n Groot dankie aan al die borge wat ons finaliste so ruim bederf het — dit word opreg waardeer.

Hierdie geleentheid is beslis een wat ons nog lank sal onthou!









Ons Nalatingskap:

DIE HEKKIE-TRADISIE

As hoofleiers van 2025 het ons gewonder hoe ons iets kan nalaat wat vir altyd deel van Volkskool se storie sal bly. Ons wou iets skep wat die gevoel van “deel wees” vasvang — iets wat elke leerder en onderwyser herinner aan waar hul reis by ons begin en eindig.

Uit daardie gedagte is ons nuwe tradisie gebore: die hekkie-tradisie. Dit is wat ons, die matriekklas van 2025, met trots agterlaat.

Die idee is eenvoudig, maar propvol simboliek.

Aan die begin van die skooljaar stap die nuwe Graad 8-leerders vir die eerste keer deur die hekkie wanneer hulle by die skool aankom. Hierdie oomblik simboliseer die begin van hul hoërskoolloopbaan — ’n nuwe hoofstuk vol groei, uitdagings en herinneringe wat nog wag om geskryf te word. Dit is vir hulle die eerste tree in die wêreld van Volkskool: ’n plek waar hulle nie net leer nie, maar deel word van die Volksie-familie.

Aan die ander kant van hul reis stap die Graad 12-leerders op hul laaste skooldag weer deur dieselfde hekkie, hierdie keer om afskeid te neem. Hierdie stap simboliseer nie net die einde van hul hoërskoolloopbaan nie, maar ook die wete dat hulle altyd deel van die Volkskool-familie sal bly. Hulle los ’n nalatenskap agter wat toekomstige generasies met trots sal voortsit.

Die hekkie staan egter nie net vir leerders oop nie. Nuwe onderwysers word ook deur die hekkie verwelkom wanneer hulle by die skool aansluit — ’n teken dat hulle deel word van ons Volkskoolgemeenskap. En wanneer ’n onderwyser die skool verlaat, stap hulle weer deur die hekkie, hierdie keer as ’n laaste groet en ’n dankie vir hul diens.

Die hekkie staan dus vir begin en einde, vir groei en herinnering, en vir die blywende band wat elke Volksie saambind.

> **“HIERDIE TRADISIE HERINNER ONS DAARAAN DAT ELKE MENS WAT DEUR DIE HEKKIE STAP, ’N VOETSPOOR LOS. DIT IS MEER AS NET ’N HEK — DIS ’N SIMBOOL VAN GEMEENSKAP, GROEI EN HERINNERINGE WAT VIR ALTYD IN ONS HARTE VASGESTEEK BLY.”**

Rikus Kleyn en Saré Viljoen
Hoofseun en Hoofmeisie van 2025





Bladsye geborg deur: Dentist@Health, GRT Hardeware, Karoo Health Care

104 Afrikaans Word 100: 'n eeufees om te vier



Op 8 Mei 2025 het Volkskool met trots saam met derduisende ander landsburgers die 100ste bestaansjaar van Afrikaans gevier – en dit was beslis 'n aand om te onthou! Die opgewondenheid was al van buite af sigbaar; die groot opkoms het selfs tot 'n reuse verkeerskonsternasie by die hekke gelei. Buite op die rugbyveld, omskep in 'n amper Afrikaans is Groot-arena, was die atmosfeer egter een van vreugde, saamgesang en trots. Leerders, onderwysers en ouers het as een gemeenskap die rykheid van ons taal en kultuur beleef.

'n Trots oomblik vir Volkskool!

Volkskool is met groot geesdrif aangekondig as een van die Top-20-finaliste in die Afrikaans Amptelik 100-skolekompetisie. Wat 'n ongelooflike eer vir ons skool! Hoewel ons nie met die algehele wenplek weggestap het nie, het Volkskool 'n eervolle vermelding vir uitsonderlike gemeenskapsgees ontvang – 'n bewys van die warmte, betrokkeheid en samehorigheid waarvoor ons bekend is.

> **"ONS SÊ OPREG DANKIE AAN ELKE LEERDER, ONDERWYSER, OUER EN OUDSKOLIER WAT DEEL WAS VAN HIERDIE MYLPAAL. JULLE ENTOESIASME, MOEITE EN LIEFDE VIR AFRIKAANS HET ONS DEELNAME SÓ BESONDERS GEMAAK."**

By Volkskool leef, groei en blom Afrikaans elke dag. Hierdie viering het weer gewys hoe diep ons liefde vir ons taal strek en hoe trots ons is om dit in al sy vorme te benut en te bevorder. Mag die volgende eeu van Afrikaans net so helder skyn soos dié gedenkwaardige aand by Volkskool!

Gerna Kleyn en Liane-Miri Coetzee



Foto's is geneem deur Mikha Enslin.





105 Sluit aan by die OUDSKOLIERE EN VRIENDE VAN VOLKSKOOL



Die Oudskoliere en Vriende van Volkskool is gestig om 'n tuiste te skep vir oudleerlinge, ouers, ondersteuners en almal vir wie Volkskool na aan die hart lê.

> **"DIT IS 'N NETWERK WAAR ONS BANDE HERNU, TROTS DEEL EN SAAM BOU AAN DIE TOEKOMS VAN ONS GELIEFDE SKOOL."**

Ons doel:

- Om die band tussen oudleerlinge, ondersteuners en ouers met Volkskool te versterk.
- Om op te tree tot voordeel van die skool en haar belange.
- Om sosiale bande tussen oudskoliere en Volkskool-vriende te bevorder en versterk.
- Om 'n volledige databasis van oudskoliere se kontakbesonderhede op te bou en in stand te hou.

Hoofdoelwitte:

- Om 'n sterk, positiewe en gunstige beeld van Volkskool uit te dra.
- Om nou saam te werk met die Beheerliggame van Volkskool.
- Om 'n kultuur van uitnemendheid op alle terreine te bevorder en Volkskool die skool in die distrik te maak.
- Om te help bou aan die beste moontlike geriewe en fasiliteite vir ons leerlinge.
- Om fondse te bekom, te bestuur en doelgerig aan te wend vir projekte wat Volkskool versterk.

Fondsinsamelingsprojekte

Ons bied jaarliks 'n verskeidenheid projekte aan om fondse in te samel wat direk tot voordeel van Volkskool aangewend word. Ons steun op die lojaliteit van ons gemeenskap, maar fokus ook sterk op projekte wat steun buite die dorp genereer.

Hoogtepunte sluit in:

- Bemarking van Volkskool as die beste Afrikaanse mediumskool met uitstekende koshuise in die Karoo
- Duiwewedvlug-veiling
- Gholf-jag
- Interskolefunksie
- Aanlyn veiling
- Koedoejagkompetisie
- Ooiprojek
- Vakansiepakkette

> **'N GROOT DANKIE AAN ELKEEN WAT IN 2025 BYGEDRA HET TOT DIE SUKSES VAN HIERDIE PROJEKTE. MET VOORTGESETTE ONDERSTEUNING EN GENOEGSAME FONDSE STREEF ONS DAARNA OM FINANSIEËL ONAFHANKLIK TE WORD — TER WILLE VAN VOLKSKOOL EN HAAR LEERDERS, NOU EN IN DIE TOEKOMS.**





106 Prysuitdeling:



AKADEMIESE EREKLEURE

Met groot trots erken ons hierdie groep leerders wat vanjaar akademiese erekleure ontvang het. Elke naam op hierdie lys staan vir harde werk, deursettingsvermoë en 'n ware liefde vir leer.

Graad 10

- Cara Nel
- Charl Conradie
- Mikha Enslin
- Zenobia Homveld

Graad 11

- Janine Coetzer
- Joshua du Toit

Graad 11 en 12

- Chris de Wet
- Saré Viljoen

LEIERSKAP EREKLEURE

Leierskap-erekleure word toegeken aan 'n leerder wat deur die jaar uitstaande diens, betroubaarheid en karakter toon. Hierdie eer bewys nie net vermoë om te lei nie, maar ook die bereidheid om met integriteit, respek en toewyding 'n verskil te maak.

- Saré Viljoen

KULTUUR EREKLEURE

Met talent wat wissel van dans, landsdiens en redenaars tot veelsydige prestasies, het elkeen 'n besondere bydrae gelewer tot ons trotse kultuurerfenis.

Dans

- Kate-Lynn Kruger
- Monique Nel

Landsdiens

- Luandré Rademan

Redenaars

- Drian Gildenhuys
- Hestri Pearson
- Lisa du Toit
- Pieter Fourie
- Zoë Campher

Veelsydigheid

- Mikha Enslin
- Rikus Kleyn

SPORT EREKLEURE

Hierdie leerders het bewys dat toewyding, harde werk en liefde vir sport die sleutel is tot uitsonderlike prestasies. Hul prestasies inspireer nie net mekaar nie, maar die hele skoolgemeenskap om saam te streef na uitnemendheid.

Atletiek

- AW Lambrechts

Boogskiet

- Conrad Kleyn
- Danel de Koker
- Gerhard Coetzee
- John Read
- Karli van Rooyen
- Michyle Mostert
- Mikha Enslin
- Nushaan Beyers.

Hokkie

- Alecia Louw
- Uné Groenewald

Ruiterkuns

- Marli Fourie
- Philip Ehlers
- Tiaan Fourie

Swem

- Kate-Lynn Kruger

Tweekamp

- Rudolph-Hein van Eeden

Prysuitdeling:



TOPPRESTASIES 2025

Hierdie leerders het bo verwagtinge presteer in hul onderskeie velde en wys wat ware Volkskool-gees beteken – harde werk, talent en 'n onwrikbare wil om hul beste te gee.

AW Lambrechts
Derick van Zyl-trofee; verteenwoordig die Oos-Kaap in spiesgooi by die Nasionale Kampioenskappe.

Marli Fourie
Dawid Botha Wissel-trofee; Junior Protea-ruiterkunsspan; uitmuntende prestasie in 'n sportsoort wat nie deur die skool aangebied word nie.

Rikus Kleyn
Teatro Arti Nasionale Eisteddfod – graad 12- en algehele wenner in sang; Willie Odendaal-trofee vir veelsydigste graad 12.

Rudolph-Hein van Eeden
Van Schalkwyk Familie Wissel-trofee vir veelsydigste sportman.

SKOOLHOOF PRESTIGE -TOEKENNING

Elke jaar erken Volkskool uitsonderlike leerders wat in hul onderskeie velde bo gemiddeld presteer het. Dié prestasies weerspieël harde werk, deursettingsvermoë en 'n trots wat verder as die skoolgrense strek. Ons vier graag hierdie leerders wat die Skoolhoof se Prestigetoekenning met groot waardigheid ontvang het.

Alecia Louw
Hokkie: Gekies vir die Nasionale o.16 A-span; Internasionale goue medalje-wenner.

Jean van Wyngaard
Gemengde vegkuns: MASA Nasionale Kampioenskappe – Points Fighting: goud; Sports Boxing: goud.

Kate-Lynn Kruger
Moderne dans: Association of International Dance Teachers – Onderskeiding: 98%

Mikha Enslin
Redenaars: PodiumPret Nasionale Kompetisie, Graad 11 – Nasionale wenner

Monique Nell
Moderne dans: Association of International Dance Teachers – Onderskeiding: 100%

Pieter Fourie
Redenaars: PodiumPret Nasionale Kompetisie, Graad 8 – Nasionale wenner

Reaglin Maarman
Gemengde vegkuns: MASA Nasionale Kampioenskappe – Points Fighting: goud; Grappling: goud

Renaldo van der Westhuizen
Gemengde vegkuns, MASA Nasionale Kampioenskappe: Continuous Fighting – Goud

Rikus Kleyn
Sang: Teatro Arti Nasionale Eisteddfod – Algehele wenner

Tiaan Fourie
Ruiterkuns: Senior Protea 5-gang-span, Kaptein: Internasionale goue medalje-wenner



www.hvsgrt.org.za/wp/
ontvangs@hvsgrt.org.za
+27 (0) 49 891 0514
Plasketstraat, Graaff-Reinet
6280

Hoër Volkskool Graaff-Reinet @hs_volkskoolgraaffreinet